31 Julie 2026 www.kerkbode.co.za | facebook.com/kerkbode Deel 259 – Nommer 162

# KERKBODE

**GESIN:** Hulle dogter Andreia was nog altyd ten volle deel van die gemeentes waar ds Frikkie Coetzee betrokke was, vertel hy aan Jaco Strydom: "Die Here het haar al baie gebruik. Sy het net 'n absolute gemaklikheid en is vir almal lief."

**SORG:** "Dit voel vir my ons het 'n groot gebrek aan naasteliefde in ons land. Wat doen 'n mens om om te gee, om vir mense te sorg?" - Kaapse leraar tydens veldtog vir onwettige immigrante wat repatrieer word.




**LEIERSKAP:** Die 2020-Bybelvertaling in Afrikaans het meer as 170 medewerkers ingesluit en sowat 14 jaar geneem. Heléne Meissenheimer gesels met Gerhard Pietersen, wat einde laasjaar as die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) se nuwe uitvoerende hoof aangestel is.

**BESOEK:** Hy mag nou dalk aan die ouer kant wees, effens gekniehalter deur 'n gesondheid-uitdaging of twee, maar jy sal Johann Symington steeds in 'n reuse-skare aan sy lag kan uitken, skryf Rudi Swanepoel.

# Vind 'n Bybel spesiaal vir jou

Gehalte-Bybels in verskillende vertalings, groottes en style.

R325




## Hardeband Bybel 1983-vertaling

Die volledige Bybel in mediumgrootte met 'n swart hardeband. Die Bybel kom met voorwoord, kruisverwysings, voetnote, verantwoording, woordelys en kaarte.

R195




## Hardeband Bybel 2020-vertaling

Die volledige Bybel in mediumgrootte, met kleinletteruitgawes en 'n swart hardeband. Die Bybel kom met voorwoord, kruisverwysings, voetnote, verantwoording, woordelys en kaarte.

R375




## Hardeband Bybel 1983-vertaling

Die volledige Bybel in mediumgrootte met 'n volkleur hardeband. Die Bybel kom met voorwoord, kruisverwysings, voetnote, verantwoording, woordelys en kaarte.

R630




## Luukse verwerkte leer 2020-vertaling

Die volledige Bybel in mediumgrootte, met kleinletteruitgawes en 'n luukse bruin verwerkte leeromslag. Die Bybel kom met goud-op-snee, duimindeks en merklint asook voorwoord, kruisverwysings, voetnote, verantwoording, woordelys en kaarte.

R169




## Die "Uitreikbybel" 1983-vertaling

Die volledige Bybel in mediumgrootte, sagteband met volledige kantindeks, kruisverwysings en voetnotas.


**Ook beskikbaar in Engels, isiXhosa, isiZulu, Setswana, Sepedi, Sesotho en Xitsonga**

## Bybel in Afrika-tale (hardeband)

**Verskeie Weergawes beskikbaar op www.bybelemdia.org.za**












BM Bybel-Media

Direkte bestellings: **bestel@bmedia.co.za**
Telefoon: **021 864 8210** | WhatsApp-hulplyn: **079 881 2729**
E-aankope: **www.bybelmedia.org.za**

# Johann Symington

## se lag en liefde vir mense



**Johann Symington** mag nou dalk aan die ouer kant wees, effens gekniehalter deur 'n gesondheiduitdaging of twee, maar jy sal hom steeds in 'n reuse-skare aan sy lag kan uitken. Daar is baie om oor hierdie dominee te vertel," skryf **Rudi Swanepoel**.

Ek weet nie waar om te begin nie, want begin, móét ek, omdat daar iets in my is wat nie kan of mag wag tot hy oorstap nie.

Oor hierdie man is dit noodsaaklik om iets te sê, nie omdat hy belangrik of groot of invloedryk of slim of wys is nie, maar omdat hy liefgehad het.

My eerste indrukke van hom kom van baie vroeg in my lewe af. Was dit radio? TV?

Hy was 'n publieke dominee, bekend as jy wil. Hy het gematig en kalm gepraat met 'n byna permanente glimlag op sy gesig en oë en wenkbroue en hande wat propvol lewe inkleur wat sy woorde skilder.

Ek sou later jare sy lag vir die eerste keer hoor: ontwapenend en vol vreugde soos die beste lagte op aarde altyd het.

Johann Symington mag nou dalk aan die ouer kant wees, effens gekniehalter deur 'n gesondheidsuitdaging of twee, maar jy sal hom steeds in 'n reuse-skare aan sy lag kan uitken.

Daar is baie om oor hierdie dominee te vertel.

Omdat ons hom op 29 Junie 2026, twee weke na sy 78ste verjaarsdag, by sy huis gaan groet het, meld talle prentjies, indrukke en stories hulle by my aan.

In November 2009 begin ek by Andrew Murray-gemeente in Johannesburg werk, daar waar Johann 'n betreklik lang stuk van sy Woordbediening in die NG Kerk uitgeleef het.

Ek onthou hoe nuuskierig ek was oor hom, juis omdat sy spore so diep en mooi was.

Baie dinge is oorvertel, sonder uitsondering met bewonderende waardering.

Keer op keer op keer op keer was liefde die ontwerp, die fondasie, die sement en die poort.

Soos toe hy (was dit die laat 80s? Die vroeë 90s?) sonder die goedkeuring van enige sinode of die aanmoediging (na deeglike oorweging) van 'n kerkraad die siekes en sterwendes by die VIGS-hospies in Observatory besoek en bevriend en (uiteindelik) begrawe het.

Skaars 'n jaar later is ek en Carina getuies by die ATKV Woordveertjie-toekenningsgeleentheid toe daar by een tafel – die geleentheid is by Vodaworld in Midrand gehou met sulke groot ronde tafels en 'n skare glansryke gaste – na ete 'n lang ry mense vorm.

Ons het gewonder vir watter *celebrity* daar gewag word, net om agter te kom dat hulle geduldig wag om vir Johann en Hennie te groet.

Tekenend.

'n Paar jaar voor dit (was dit 2004?) is Johann een van die hoofsprekers by 'n nasionale saamtrek van NG predikante in die Callie Human-saal in Bloemfontein.

Terwyl die meeste ander sprekers akademiesrige taal praat en plek-plek neig om baie gekerk en effens valerig voor te kom, verruk Johann die gehoor met verwysings na Marilyn Monroe (by 'n kerkfunksie, die absolute skande!) en die eenmalige wonder van die gesproke woord.

Verstommend.

Ek sou later ontdek dat daardie warm glimlag enige komplimente of erkenning sou terugkaats na die gewer.

Hy het 'n baie vreemde manier om dit oor jóú te maak, al gaan dit oor hom.

Net gister vra ek hom of hy weet watter enorme invloed hy op my gehad het.

Hy antwoord dat 'n mens nie invloed kan meet nie en dat dit aan die einde van die dag nie oor hom gaan of gegaan het nie. (Hy het dit wel met ontroerende emosie en gewigtige nadruk gesê, wat ek nie eens sal probeer herhaal of naboots nie.)

Ek het nog sulke stories. Eintlik nogal 'n paar.

Maar ek gaan volstaan.

Johann, ek salueer jou. Nie omdat jy indrukwekkend of enigiets behalwe 'n volgeling van Jesus was nie.

Jou liefde vir mense skitter.

Dit sal vir altyd bly skitter.

En dankie.

*Ds Rudi Swanepoel is predikant van die NG Kerk Aan-die-Berg in Johannesburg.*

---

**Só skryf eCKE oor Johann Symington**

SYMINGTON, JOHANNES CORNELIUS (JOHANN) (1948-) is in 1973 in die NG Kerk gelegitimeer en bedien tussen 1974 en 2004 die gemeentes* Colesberg, Parksig, Lynnwood en Andrew Murray (Johannesburg).

Hy was 'n paar jaar lank dosent in praktiese teologie aan Unisa. Symington se kommunikatiewe vaardighede blyk vroeg reeds toe hy as aanbieder van die TV-reekse *Die huwelik is 'n vervelige gewoonte* en *Bybel-bloktyd* optree, en later van drie *Ja-nee*-reekse oor kykNet. Daarby was hy langer as 'n dekade rubriekskrywer vir die tydskrif *Rooi Rose* en het verskeie boeke, onder meer *Man uit een stuk*, uit sy pen verskyn. Rondom die millenniumoorgang het hy as moderator 'n sleutelrol gespeel om vernuwing in die Sinode van Suid-Transvaal (later Sinode Hoëveld genoem) in te voer.

In 2004 word Symington, nadat misverstand uit die weg geruim is oor die omvang van sy taak, direkteur van kommunikasie van die NG Kerk, wat onder meer die redakteurskap van *Kerkbode* en *LIG* behels het. Hy het in dié hoedanigheid gehelp met die vestiging van 'n webwerf en ingestem tot 'n internet-kletskerk, wat gou omstrede geraak het vanweë niegelowiges se deelname daaraan.

In 2008 verlaat hy die kerklike media en aanvaar 'n beroep na die NG gemeente Welgemoed. Hy tree in dié tyd ook op as programleier van 'n Sondagaandse RSG-program, *Kruis en dwars*.

Hy het in 2013 as NG predikant afgetree en sy bediening daarna in Japan voortgesit.

# Ontmoeting met kerkleier wat uit SA moes vlug

NIOMA VENTER

Hy dra dieselfde naam as die man van Naomi in die Bybel; die pa van Maglon en Giljon in die boek Rut. Ek en hy het twee dae uitmekaar in Lilongwe, Malawi aangekom – hy Saterdag; ek Maandag; ek op besoek; hy as vlugteling.

Ek verskans sy gesig op die foto, omdat ek hom nie wil blootstel nie. Die storie wat ek vertel, het baie met sy klerikale kraag te doen. Dit het ook alles met die huidige spanning met burgers van Afrikalande, sogenaamde migrante, in Suid-Afrika te doen. Hy is 'n gelegitimeerde predikant in die Church of Central Africa Presbyterian, Nkhoma Sinode in Malawi. Hy was in Suid-Afrika om 'n gemeente daar te lei. In al die tyd daar, kon hy ondanks elke moontlike poging, nie daarin slaag om sy dokumente in plek te kry nie. Dit was nie 'n gebrek aan verantwoordelikheidsin nie, inteendeel.

Die afgelope paar weke was die NG Kerk, saam met ander kerke, op ver-



skillende vlakke by die onrus rondom ongedokumenteerde persone betrokke. Daar was die besoek van 'n groep kerkleiers op 17 Junie – ongeveer twee weke voor 30 Junie – aan president Ramaphosa. Hier is onder andere 'n beroep gedoen op die regering om leierskap aan die dag te lê rondom dreigende geweld, misdaad en onreg. Op 29 Junie het dieselfde groep kerkleiers, waaronder ds Jan Lubbe, moderator van die Algemene Sinode, 'n perskonferensie in Johannesburg gehou. Vanuit ekumeniese solidariteit is daar in drie verskillende publieke verklarings 'n appèl gemaak, weereens op die regering, maar ook veral op die publiek en gelowiges om met deernis, eerder as geweld, te reageer. Daar is veral drie sinodes wat aktief gemobiliseer het rondom direkte humanitêre hulpverlening. *Kerkbode* het geskryf oor van hierdie ingrypings. Berig van talle gemeentes wat op verskillende maniere gehelp het, is ontvang – ook van sommiges wat gereed gestaan het om as plekke van veiligheid te dien, sou dit nodig raak. Tog is dit die storie van hierdie een man, die tydsberekening van ons ontmoeting en die egte belewenis om te kon luister en hom in die oë te kyk, wat my op hierdie oomblik die diepste raak. En dit op Malawiese bodem!

Die geskiedenis van die NG Kerk met die CCAP, Malawi, gaan 135 jaar terug na die oorsprong van hierdie kerk in die NG Kerk se sendingwerk in Sentraal-Malawi aan die einde van die 19de eeu. Dit is 'n kosbare geskiedenis. Die spore van die NG Kerk lê diep en duidelik in die werk wat tot vandag toe hier gedoen word.

In ons gesprek, vra hy 'n kritiese vraag: "Waarom hier kom besoek aflê as ons julle daar so nodig het?" Ek sien teleurstelling in sy oë; selfs verwyt. Ek verstaan. Hy het pas aangeland. Hy deel 'n paar gedagtes; oor hoe hy dink die ekumeniese verhouding in Suid-Afrika ondersteuning kan bied. Die werklikheid is dat die CCAP 'n hele aantal bedieningspunte (satelliete) in Suid-Afrika het, hoofsaaklik in die Wes-Kaap en ook 'n paar in Gauteng. Hoe dit ontstaan het, is 'n storie op sy eie. In kort het migrasie begin vra vir bediening omdat hierdie mense nie daarin kon slaag om met bestaande kerke plaaslik te integreer nie. Hulle is – of was - vyf dominees uit die CCAP in Suid-Afrika. Al vyf moes vlug. Terugkom Malawi toe. Ons praat omvattend oor die uitdagings en realiteite.

Die ontmoeting vra vir groter gesprek en diep onderskeiding. Afrika het tussen ons kom woon.

*Dr Nioma Venter is die algemene sekretaris van die NG Kerk.*

## Terugtrek van artikel

# Oud-onderwyser sterf kort na hy sy eie storie van heelword vertel

*Kerkbode* trek hiermee die publikasie van die artikel 'Elkeen het 'n storie' – oud-onderwyser sterf kort na hy sy eie storie van heelword na onverwerkte trauma vertel' terug. Dit kom nadat dit ná publikasie aan die lig gekom het verskeie sentrale feite was onwaarhede wat as ware lewenservaring aan *Kerkbode* sowel as 'n hulporganisasie voorgehou is.

Ten einde aandag te vestig op die werk wat MES doen tydens die jaarlikse Winterhoop-veldtog, wou *Kerkbode* 'n profiel skryf oor iemand wie se lewe deur hierdie NRO aangeraak is.

Op 9 Junie het ons verslaggewer 'n onderhoud met Juan Odendaal, 'n MES-werknemer, in Bellville gaan voer nadat sy ook by 'n vorige geleentheid hom sy lewensverhaal hoor deel het.

Enkele dae voor publikasie is Juan, wat met gesondheidsprobleme gesukkel het, oorlede. Die storie is aangepas om sy afsterwe te vermeld en op 18 Junie gepubliseer op *Kerkbode* se digitale platform, in die gedrukte Junie-uitgawe van die koerant, en op Bybel-Media asook *LiG* se sosialemediaplatforms gedeel.

Ná publikasie is *Kerkbode* deur 'n familielid gekontak en 'n aantal sentrale feite in Juan se lewensverhaal is weerlê.

Juan het nie 'n suster gehad nie, hy was nie getroud nie, het nie 'n kind gehad nie. Verder het sy broer nie selfdood gepleeg nie. *Kerkbode* was in gesprek met die einste broer. Juan was ook nie 'n onderwyser nie, al was hy in 'n stadium werksaam by 'n hoërskoolkoshuis.

MES, Juan se werkgewer ten tye van sy afsterwe, het intussen bevestig dat sekere inligting wat Juan met verskeie gehore gedeel het – insluitend geloofsgemeenskappe – nie sy werklike lewenservaring akkuraat weerspieël nie.

Gegewe die omvang van die teenstrydighede, en die feit dat die verhaal se sentrale getuienis nie geverifieer kan word nie, trek *Kerkbode* die profiel in sy geheel terug. Ons betreur die publikasie van onakkurate inligting en bied ons verskoning aan Juan se familie en lesers aan.

Juan se rol by MES en sy betrokkenheid by die organisasie se werk met kwesbare mense was eg. Ons erken dit, terwyl ons die res van die verhaal soos gepubliseer terugtrek.


*Kerkbode* aanvaar verantwoordelikheid vir die versuim om die inligting voor publikasie te verifieer. Ons het ook kennis geneem dat MES sy interne prosesse rondom die deel van begunstigdes se verhale hersien. Hierdie saak het ons eie redaksionele prosesse rondom die verifikasie van persoonlike getuienisse onder die loep gebring, en ons sal ons prosedures dienooreenkomstig versterk.

**Verklaring: MES**

Ilse Maartens, MES-takbestuurder (Kaapstad) skryf op 23 Junie 2026:
MES erken met hartseer die afsterwe van een van ons voormalige begunstigdes wat later 'n werknemer van MES geword het. Ons betuig ons opregte medelye aan sy familie, vriende, kollegas en almal wie se lewe deur sy lewe en reis binne ons organisasie geraak is.
Gedurende sy tyd by MES het Juan aspekte van sy persoonlike verhaal en getuienis met verskeie gehore gedeel, insluitend met geloofsgemeenskappe. Ná sy afsterwe, en in die lig van kommer wat daarna geopper is, het ons bewus geword dat sommige van die inligting wat voorheen gedeel is, nie sy werklike lewenservaring akkuraat weerspieël nie. Ons is tans besig om na te dink oor die teenstrydighede wat aan die lig gekom het, en ons erken die kompleksiteit en sensitiewe aard van hierdie saak.
MES betreur die aangeleentheid asook enige leed, misverstand of skade wat moontlik ontstaan het as gevolg van die deel of verspreiding van ongeverifieerde inligting wat verband hou met sy verhaal. As 'n organisasie wat met kwesbare individue werk, erken ons die belangrikheid van sorg, akkuraatheid en waardigheid in alle verhale wat deur ons programme gedeel word. Ons bly verbind daartoe om uit hierdie situasie te leer en ons interne prosesse waar nodig te versterk.
Op hierdie tydstip kan MES net werk met die inligting wat tot ons beskikking is. Ons versoek eerbiedig begrip terwyl ons hierdie moeilike situasie navigeer en terselfdertyd dié binne ons sorg ondersteun. Vir enige verdere navrae, kontak asseblief vir Ilse Maartens per e-pos by ilse@mes.org.za


KERKBODE
Sinodesitting: NG Kerk Vrystaat kies wéér vir eenheid

*Oud-onderwyser sterf kort na hy sy eie storie van heelword vertel.* - bl 4





# 'Ons het nou leiers nodig wat polariteite in die kerk kan hanteer'

Frikkie Coetzee het pas aftree-ouderdom bereik en is vandag meer opgewonde oor die bediening as ooit.

"Ek wil soos jy lyk as ek 65 is!" sê ek, en hy lag en vertel van die lesse wat hy geleer het en sy groot drome vir die kerk.

Ons gesels oor die pad wat hy gestap het tot hier. Hy het die voorreg gehad om by van die NG Kerk se mees uiteenlopende bedienings betrokke te wees.

Jare gelede was hy onder andere vir vyf jaar betrokke by Straatwerk in die middestad van Kaapstad.

"Ons het uitgereik na hawelose mense in die middestad, onder andere meisies wat vasgevang was in prostitusie in Kaapstad se hawe. Dit was 'n grensverskuiwende ervaring wat my geleer het dat die liefde van Christus ons dring oor alle grense na mense in nood," sê hy.

Daarna was hy vir lank predikant by twee makrogemeentes. Eers La Rochelle-gemeente in Bellville en toe Lux Mundi in Pretoria. Met sy aftrede is hy onlangs aangestel in 'n kontrakpos by Riviera-Jakaranda-gemeente.

Ons gesels oor die groot waarde van ouer predikante in die kerk; konneksies, wysheid en ervaring.


"Dit is 'n voorreg om steeds diensbaar te wees, nuwe mense te leer ken en saam op reis te wees met God se liefde en 'n verskil te maak! Ek is baie dankbaar," sê hy.

Hy vertel van persoonlike uitdagings en groei. Vroeg in sy bediening is hy deur 'n egskeiding. Dit was 'n baie moeilike tyd. Hy het dit oorweeg om uit die bediening te gaan, maar toe beleef hy ongelooflike deernis en vind genade en genesing in die gemeente. Die lydensvraag en krisisse het hom gehelp om die hart van die evangelie en God se onvoorwaardelike liefde beter te verstaan.

"Dit is 'n pragtige getuienis van die kerk en 'n gemeente wat God se liefde en genade uitgeleef het!" sê hy.

Later is hy weer getroud en vandag is Frikkie en sy vrou, Rayline, saam in die bediening. Sy is 'n diensleraar met die fokus op kinder- en familiebediening by Lux Mundi-gemeente.

Andreia, hulle dogter, leef met Downsindroom. Sy is deur twee hartoperasies, het twee keer septisemia en multi-orgaanversaking oorleef en was al verskeie kere gehospitaliseer.



Frikkie, Rayline en Andreia

"Sy is 'n groot vreugde en inspirasie in ons lewe," sê hy en vertel hoe baie hy al by haar geleer het. "Toe sy klein was het sy soms wanneer ek preek met my begin praat vanuit die voorste bank waar sy saam met haar ma gesit het. Soms het sy op die kansel geklim en langs my kom sit en vriendelik vir die gemeente gewaai. Sy was nog altyd ten volle deel van die gemeentes waar ons betrokke was. Die Here het haar al baie gebruik. Sy het 'n manier om grense te oorskry waarmee ons partykeer sukkel. Sy het net 'n absolute gemaklikheid en is vir almal lief."

Dan is daar Angel, 'n Tshebedi-dogtertjie wat soos 'n kind in hulle huis grootgeword het en met wie hulle steeds 'n pad stap. Sy het vandag 'n dogter wat hulle oupa en ouma noem. "Dit was nogal iets toe hulle klein was om in 'n winkel te wees met die twee dogtertjies!" lag hy.

> **"Ons gesels oor die groot waarde van ouer predikante in die kerk; konneksies, wysheid en ervaring.**

Frikkie is tans die voorsitter van die Taakspan vir Evangelisasie van die Algemene Sinode. Volgens hom is evangelisasie, pastoraat en diens van barmhartigheid onlosmaaklik van mekaar. 'n Mens kan alleen vir die wêreld vertel van God se liefde, as jy self lief is vir die wêreld en omgee vir mense in nood.

'n Mens sien hierdie lewensfilosofie in sy lewe. Hy het 'n PhD in Praktiese Teologie en Missionale Studies – gefokus op evangelisasie – en 'n MTh in Kliniese Pastoraat.

Die groeiende verdeeldheid en die kerk en samelewing frustreer hom. "Ons het nou leiers nodig wat polariteite in die kerk kan hanteer sonder om verder te polariseer en juis mekaar en die kerk te verryk," sê hy. "Die groot gevaar is dat ons wil onttrek en terugtrek en bedreig voel, terwyl die liefde van die Here ons juis oor grense vat. Wanneer ons oor grense beweeg, buite ons gemaksone, ontdek ons 'n nuwe wêreld saam met die Here."

Frikkie het op 'n plaas naby Lichtenburg grootgeword, perd gery en die dinge gedoen wat plaasseuns doen. Sy oorspronklike plan was om 'n ingenieur te word, maar die Here het ander planne gehad. "Na ek my ingenieurstudies gestaak het en diensplig gedoen het, het ek 'n ontmoeting met die Here gehad en 'n duidelike roeping ontvang om predikant te word," vertel hy. As kind sou hy hom moeilik die plekke waarheen die bediening hom sou neem kon indink. Vandag kyk hy terug met groot dankbaarheid.

Hoe lyk die toekoms?

"Ek wil graag verder navorsing doen in evangelisasie en so 'n verdere bydrae lewer. Ek wil ook meer tyd met my gesin deurbring. Ek wil solank ek genade van gesondheid ontvang koninkryksgeleenthede wat oor my pad kom, gebruik om 'n verskil te maak," sê Frikkie.

*Ds Jaco Strydom is verbonde aan die Echo-Jeugbedienings en die NG Gemeente Villieria.*

Jan Lubbe



# Waar ons Moeder staan …

Dit was eers na die hoeveelste kospakkie en soveelste "you may go to that table for women and children", dat ek besef het wat ek doen, sê en beduie. Aan mense van wie ek nie hul naam, nering of narratief ken nie. In die lang, kronkelende ry figure wat stadig na my aangeskuifel kom, nóg en nóg gesigte, vaal van min slaap, klere gekreukel, ander verslete, hier en daar 'n kombers omgedraai teen die koue, ure ingedruk in 'n bus, meer as 'n duisend kilometer agter die rug en veel meer voor. Meestal mans, maar ook baie vroue met klein kindertjies aan die hand. Etlike suigelinge. Opmerklik, nie bejaardes nie – hierdie mense, het (nog) 'n lewe (gehad). Maar wat nou agter hulle lê, is dae van ontheemding; wat voorlê 'n onseker bestemming.

Skielik – op dié Sondagoggend, 5 Julie, langs die grootpad buite Bloemfontein, witgeryp in die hartjie van die winter – is ek "terug" in 'n dokumentêr: die uitmergelende 10-uur lange film van Claude Lanzmann oor die Holocaust, "Shoah" (1985). Treinvrag na treinvrag na treinvrag na treinvrag "ongewenstes" uit alle Europese lande, wat afgelaai word in die hel van Auschwitz-Birkenau. Etlike jare is hulle allerlei name genoem, amptelik én toegesnou, meer en meer blameer vir alles wat skort in Nazi-Duitsland, uiteindelik in ghetto's ingedwing, toe opgepak in die treine in. Dis hoe haat jou eers 'n "vreemdeling" maak, dan viktimiseer, dan laat verwyder, die "endlösung". Binne 'n uur of twee in Auschwitz was dit als verby, nadat die Nazi-offisier daar langs die treinperron ook die rye só verdeel het, net met 'n oogopslag en vingerbeweging: Mans (meestal) wat gelyk het of hul kon werk, na regs; vroue (meestal), alle kindertjies en bejaardes na die ander ry, rigting die gaskamers.

Hierdie Sondagoggend gebeur dit by ons ietwat omgekeerd: Die mans kry 'n beker warm sop, en 'n kospakkie met te ete en drinke daarin vir nou en die pad; die vroue en kinders óók, maar húlle beduie ek dan na die ander ry en tafel waar daar fyngoed is, 'n sepie, 'n pakkie "wet wipes", iets soets en koesterend, en vrouelidmate uit ons gemeentes wat omgee en vra of die vreemde vrou met die kind dalk 'n hoofpynpil of blikkie Vicks nodig het. Die aand lê ek moeg en dink: Hoeveel van daardie mans sou nie dalk ook 'n koekie seep wou hê nie? Hoeveel moegheid en bang was daar nie óók in die mans se oë, daardie vlietende moment dat ons mekaar voor in die ry by die tafel "gesien" het nie? Die nie-in-woorde-gesê: "Liewe mens, Gód weet…"

Dit is 'n wêreld ver verwyder, dink ek toe, van die Woensdag twee weke tevore, toe ek gedas-en-baadjie van die Uniegebou se statige trappe af, oor Pretoria uitgekyk het. Die woonstelblokke en Unisa lê in die middagson en bak, en oorkant, die Voortrekkermonument, vesting deserdae van als wat Afrikaans(er) genoem wil word. Op die plaveisel onder die Uniegebou se trappe, roer vier baniere in 'n koel bries.

Op die eerste een, die jaartal 1956 gedruk, om die vreedsame optog van 20 000 vroue met hul protesgeskrif aan Eerste Minister JG Strijdom gerig, sewentig jaar gelede te onthou, lui die onderskrif. Die tweede, 1966, ter herinnering aan die sloping van Distrik Ses in die Kaap (onder andere op versoek van 'n NG Kerkraad daar, maar hieroor fluister ons in die kerkgeskiedenis slegs gedemp). Die derde gedenkjaar, 1976: Soweto – daardie wintersoggend toe skoolkinders vryheidsliedere in die strate begin sing het; die rook, die polisiehonde, die skote. Die vierde banier: 1996, ons nuwe Grondwet; Suid-Afrika behoort aan almal wat hier woon. En nou – dertig jaar later, hierdie Winter van '26 – die vraag oor watter mense in Suid-Afrika mag wees, woon en werk. Moenie vergeet dat diep onder in hierdie March and March-veldtog, dit om 'n onheilspellende vraag oor ons grondwet gaan. "First, they came for the Communists, and I did not speak out because I was not a Communist. Then they came for the Jews, and I…" het pastor Martin Niemöller verootmoedigend in 1946 bely.

Waaroor ek dankbaar was in die ontmoeting met President Ramaphosa die Woensdag vóór 30 Junie, was die reaksie van swart kerkleiers uit die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, wat gesê het, "nee, Meneer die President, u regering se eerste stappe in die hantering van hierdie krisis behoort nie te wees 'to enforce laws' en 'secure our borders' nie – nou skielik nie – maar 'to crack down on corruption in government', 'to strengthen our immigration system', 'to work with our sister African countries addressing the underlying factors that drive migration'…" "Cohesion, not coercion." Dít is hoe die stem van "ons Moeder" moet klink: Sag, maar ferm; "speaking truth to power"! Dit is 'n ontsaglike voorreg om as NG Kerk ons publieke stem in dié ekumeniese familie terug te mag vind! Want was ons nie self deur eie toedoen vir lank "vreemdelinge" daar buite in die koue nie? Kyk – sien ek toe daar voor die Uniegebou – hier is nie eens 'n banier vir 1986 nie! Daardie uiters betekenisvolle jaar toe 'n beleidstuk getiteld "Kerk en Samelewing" en 'n Belydenis genaamd "Belhar" ná veertig jaar in die woestyn, die harte en gedagtes in ons kerkfamilie begin draai het!

Nou's dit alweer veertig jaar later, en wát 'n geweldige tyd beleef ons nie? Waar staan "ons Moeder", hoe klink haar stem, waarmee is sy besig? Op die eiland Patmos het die gryse Johannes haar in 'n visioen gesien: Uit die vloedgolf geweld van die draak van die Duistere Ryk geruk, word sy in die onherbergsaamheid van die woestyn versorg, sy en haar nageslag (Openbaring 12:6, 17). Aan die Galasiërs skryf Paulus oor haar, die "hemelse Jerusalem" wat vrý is, "ons moeder!" (4:26).

En daarom ook Ciprianus – en ná hom, Calvyn – wat na haar verwys: "God is ons Vader, die Kerk ons Moeder." Dit is aan háár boesem dat ons toevertrou is, die dag van ons doop. Dit is aan háár tafel dat ons die Woord en die Brood ontvang, al ís ons ook dié van gemengde bloed. Sy ken geen onderskeid. Miskien is dit hoogtyd dat ons wat só twis aan tafel – want ja, beskamend: in hierdie selfde afgelope Junie en Julie was daar alweer 'n oormaat geklae, foutvindery, afranselings van mekaar in koerante en sosiale media en is dit boonop ook nog op KykNET "onthul" hoe "die susterskerke skeur" – miskien is dit hoogtyd dat ons "ons Moeder" weer leer respekteer vir wie sy regtig is. En raaksien waar Gód haar laat staan. Vir ál haar kindertjies. Sý wys nie lotsbeslissend met die vinger links of regs nie.

*Ds Jan Lubbe is predikant van die NG Gemeente Berg-en-Dal en voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen.*

Zander van der Westhuizen




# Op pad terug van Noorweë bid ek ʼn vreemde gebed

Noorweë is ʼn ongelooflike land – veral die noorde. Dit is bekend vir sy fjords, natuurlike inhamme, gletsers, dramatiese kuslyne en beeldskone natuur. In die noorde is daar sekere maande met slegs donkerte en ander met slegs lig – 24 uur per dag. Selfs in die somer is die bergpieke met sneeu bedek, die wind ysig en die seewater helderblou.

Dit is ʼn eerstewêreldland waar alles werk. Almal het toegang tot opvoeding, werk en die voordele wat daarmee saamgaan.

Ek het dit besoek as deel van ʼn afvaardiging uit Suid-Afrika wat hulle jeugontwikkelingsprogramme gaan verken het. Ons is in Tromsø ontvang en het heelwat tyd saam met jong mense deurgebring. Ons het skole, jeugklubs en programme in die middestad besoek en selfs vir hulle tieners van Suid-Afrika se konteks vertel.

Tydens ʼn aanbieding by ʼn hoërskool was die tieners verbaas dat tienerswangerskappe so ʼn groot uitdaging in Suid-Afrika is (selfs op ʼn morele vlak). As jy in Noorweë swanger raak, help die regering jou met subsidies en ondersteuning vir die versorging van jou kind, sodat jy steeds skool kan voltooi en verder kan studeer. Ek weet nie of dit vandag nog so is nie, maar ek het destyds by myself gedink: “In hierdie konteks is baie van die etiek bloot pragmaties.”

Op een van die dae neem die junior stadsraad ons op ʼn bootrit langs die kus. Tussenin die uitsigte raak ek aan die gesels met een van die stad se tienerleiers. Hy vertel my waar hy woon, hoe die skole werk en van sy gesin.

“How do you survive the constant darkness during the winter months?” vra ek.

“We have lights,” antwoord hy asof dit ʼn dom vraag is.

“What religion do you belong to?”

“What do you mean, religion?” antwoord hy weer, asof dit nóg ʼn dom vraag is.

“I mean, do you believe in God?”

“What is ‘God’?” vra hy.

“Someone bigger than you. A belief in a higher being, a god?” probeer ek verduidelik.

“I don’t understand.”

Die slim jong man het geen verwysingsraamwerk vir godsdiens, ʼn godheid of iets of iemand groter as homself gehad nie. Geen misterie nie. Geen geloof nie. Dit was asof hy eenvoudig ʼn “blank” geslaan het.

ʼn Christen-onderwyser vertel my later dat baie tieners eintlik sukkel. Hulle raak soms depressief en het geen dryfveer nie. Volgens hom leef baie van hulle in ʼn wêreld waar min dinge werklik op die spel is, en waar geloof vir baie eenvoudig nie meer nodig voel nie.

Statistiese is Noorweë op papier steeds ʼn meerderheid Christelike land, maar waar ek destyds was, was die idee van ʼn godheid vir sommige mense selfs afwesig of onbegryplik.

Op die vliegtuig terug lees ek vir die eerste keer weer die Suid-Afrikaanse nuus. Oral is daar probleme en uitdagings. Die koerante is vol stories waarvan ek weet dat dit deursettingsvermoë, dryfkrag en baie gebed gaan verg om hoopvol daardeur te kom.

Alles werk nie. Alles is nie maklik nie. Niks word vir jong mense op ʼn silwer skinkbord aangebied nie – jy moet daarvoor werk. As jy foute maak en met die gevolge daarvan sit, gaan die regering jou nie kom red nie. Jy moet genade vind en planne maak. En dít is soms goeie motivering om nie weer dieselfde fout te maak nie.

Terwyl hierdie gesprek binne-in my kop afspeel, kom lê daar ʼn vreemde emosie in my hart. In plaas van bekommernis, die gebruiklike aggressie oor alles wat sukkel, vrees en die ander emosies wat sulke gewaarwordings gewoonlik by my oproep, gebeur daar iets anders binne my.

Dankbaarheid.

Ek bid ʼn vreemde gebed:

“Dankie, Here, vir probleme, uitdagings en goed wat nie altyd werk nie. Dankie vir Afrika, vir die moeilikheid en alles wat soms so sukkel. Dankie dat ek hard moet werk om iewers in die lewe te kom.”

Ek besef dit is waarskynlik nie die beste teologie nie, maar vir daardie oomblik is ek eenvoudig pragmaties dankbaar dat ek die Here nodig het en Hom daarom kon leer ken.

*Tussenin is ʼn rubriek oor die lewe in die middel van dinge – waar stories, mense, klanke en stilte mekaar ontmoet. Zander van der Westhuizen skryf as pa, getroude, skrywer, musikant, radio-omroeper en predikant oor die oomblikke waar sin en seën onverwags opduik tussenin alles wat ons doen en probeer wees.*

# 'Dié uitspraak is 'n oorwinning vir geregtigheid'

**Gerhard Ferreira van Johannesburg skryf:**
Kan almal wen uit 'n hofsaak? Dit blyk so. In die onlangse Wes-Kaapse hofsaak, Marius Xavier Coetzee v The Congregation of the Dutch Reformed Church Karatara-Sedgefield and Others (2 Junie 2026), het die saak nie oor die meriete van die aanklagte teen ds Coetzee gegaan nie. Dit het eerder gedraai om die nakoming van behoorlike prosesse gedurende sy tugproses. Regter Louw het die kernvraag soos volg saamgevat: "The central question before this Court is whether the proceedings before the DBPK were so procedurally irregular and fundamentally unfair as to warrant judicial intervention."

As gelowiges het Moses (Lev 19:18) en Jesus (Matt 7:12; Luk 6:31) die Goue Reël as sentrale waarde gegee: Dit wat jy wil hê mense aan jou moet doen, moet jy ook aan hulle doen. In hierdie hofsaak word die Reëls van Natuurlike Geregtigheid as die praktiese toetssteen vir hierdie Goue Reël gebruik.

Wat behels die Reëls van Natuurlike Geregtigheid? Hierdie gemenereg-beginsels beskerm 'n regverdige regsproses deur twee kernkonsepte:

**1.** Audi alteram partem ("luister na die ander kant") Niemand mag gestraf of benadeel word sonder 'n billike geleentheid om hulle saak te stel nie. Die hof het bevind dat hierdie reël in ds Coetzee se saak gefaal het:

- Kennisgewing: Die basiese inligting van die klagtes is nie aan hom verskaf nie. Omdat die eerste klagtes al vier jaar gelede ontstaan het, was daar geen dringendheid wat 'n oorhaastige proses kon regverdig nie.
- Voorbereidingstyd: Waar die Kerkorde 'n kennisgewingtydperk van 7 dae vereis, was die werklike tyd wat hom gegun is tussen 1,5 en 3,5 dae.
- Reg om gehoor te word: Die klagstaat het te min inligting bevat vir hom om te bepaal watter getuies hy vir sy verdediging moes roep.

**2.** Nemo iudex in causa sua ("niemand mag 'n regter in eie saak wees nie") Besluitnemers moet onpartydig en sonder enige skyn van vooroordeel wees. Die Gedragskode van Leraars trek hierdie konsep selfs wyer deur te vereis dat leraars en beamptes hulleself van enige situasie met 'n botsing van belange moet onttrek. Ds Coetzee het aangevoer dat die aanklaer moontlik vooraf betrokke was, wat 'n billike verhoor in die wiele gery het.

Waarom is dit belangrik vir die kerk? Jesus het self in sy verhoor voor Pontius Pilatus nie die voordele van hierdie reëls geniet nie. Hy is onskuldig bevind en tog gekruisig. Ook in ons land se geskiedenis is mense sonder regsprosesse veroordeel. Die beginsels van natuurlike geregtigheid sluit egter aan by die Skrif (soos Matteus 18:15-17) en Kerkorde Artikel 61.2. Beteken hierdie uitspraak dat die kerk nou magteloos is om tug toe te pas? Hoegenaamd nie. In my opinie beteken dit bloot dat ds Coetzee moontlik herverhoor sal word, maar dan onderworpe aan 'n nuwe, regverdige proses. Die kerk moet hierdie uitslag nie as 'n nederlaag beskou nie, maar as 'n oorwinning vir geregtigheid en die Goue Reël.

# Hoe lyk ons kerk vir die wêreld?

**Dawie de Wet van Die Strand skryf:** Die Kaapse Hooggeregshof het bevind (02.06.2026) dat die NG Kerk se tugliggame baie onkerklik opgetree het in die Coetzee-saak. Behalwe vir 'n kort amptelike verklaring waarop reeds gereageer is (DK 11.06.2028), bly die leierskap van die NG Kerk stom en die vrae onbeantwoord rakende hierdie uitspraak.

Die kwellende vraag is: Hoe het die geestelike peil in die NG Kerk só gedaal dat die burgerlike hof dit nodig geag het om tugliggame van die NG Kerk tereg te wys oor hulle gebrek aan "fairness and justice?" Is dit dan nie wesenskenmerke van die kerk nie?

Die enigste verklaring vir hierdie tipe optrede in die kerk is myns insiens dat die tugliggame die denke van die ideologie van sosiale geregtigheid (of "wokeness") slaafs navolg. Dit is algemeen bekend dat hierdie ideologie stelselmatig in die Kerk veld gewen het ten koste van die Woord van God en die belydenisgrondslag van die kerk.

Hierdie denkwyse probeer elke sosiale probleem oplos deur die toepaslike "onderdrukkers" en die "slagoffers" aan te wys. Hulle word dan gestereotipeer. Soos in: alle rykes is onderdrukkers en alle armes is slagoffers (klassieke Marxisme). Die "onderdrukkers" moet "gekanselleer" word deur nie met hulle te onderhandel of enige platform te gee nie, en die "slagoffers" is altyd onskuldig en dra geen blaam nie.

Die lys "onderdrukkers" word in "wokeness" na elke sosiale vlak deurgetrek, soos na mans, die polisie, heteroseksueles, onderwysers, ouers, ens. Die "slagoffers" is dan respektiewelik vroue, kriminele, LGBTQIA+ mense, leerders, kinders, ens. Die fokus is op die gevoelens van die slagoffers.

Die kerklike weergawe daarvan is dat Jesus Christus voorgehou word as die ideale mens. Sy liefdevolle voorbeeld van empatie, deernis en goeddoen aan randfigure word Bybels verkondig, maar sy oproepe tot bekering en oordeelsaankondigings word liewer verswyg.

Die betekenis van tekste word deur die gevoelens van "slagoffers" bepaal. Sonde en skuld voor God, berou en bekering en die eise van dissipelskap word geïgnoreer, want dit laat (onskuldige!) slagoffers ongemaklik voel.

Alle leraars en kerkrade wat 'woke' sinodebesluite kritiseer, word in hierde denke as 'onderdrukkers' gesien wat gekanselleer en wie se platforms weggeneem moet word. Dit was duidelik hoe die tugliggame die applikante in hierdie saak beskou het.

Derhalwe het die kerklike tugliggame se hantering van die saak vir die burgerlike hof eerder na 'n 'kerklike tribunaal' (soos die inkwisisie tydens die Hervorming) gelyk as na 'n Gereformeerde tugaksie waarin die eer van God en behoud van die sondaar voorop behoort te staan.

Die implikasie van die hofuitspraak, in die konteks van my oorvereenvoudigde redenasie, is dat die hof die applikante as die eintlike 'slagoffers' uitgewys het.

Kom ons leer uit hierdie saak, want die groot verloorder is die koninkryk van God.

# Hofbevel of halwe aanhaling?

**Nico Basson van Sedgefield skryf:** Die aktuarius van die Wes-Kaapse Sinode se amptelike verklaring (DK 05.06.2026) oor die hofbevindinge op 2 Junie 2026 (ds Coetzee) asook persverklaring *Knysna-Plett Herald* 11 Junie 2026 het betrekking: Volgens die berig in *Knysna-Plett Herald* word weereens aangedui dat die hof gelas het dat die klag van skeurmakery teen ds Coetzee *de novo* – of opnuut – deur 'n saamgestelde ringstugliggaam ondersoek en aangehoor moet word.

Lesers het egter daarop gewys dat die hofbevel ook bepaal dat 'n formele tugverhoor slegs gehou moet word "if warranted".

**1.** Erken u dat die woorde "if warranted" deel vorm van die hofbevel, en indien wel, hoe interpreteer u die betekenis daarvan binne die huidige proses?

'n Prokureursbrief wat daarna uitgereik is, haal die hofbevel soos volg aan: "The matter is remitted to a new disciplinary body(ringstugliggaam) of the Dutch Reformed Church to be convened and constituted in accordance with the Church Order and Regulations, for the de novo investigation of the complaints submitted in respect of the applicant and, if warranted, to hold a formal disciplinary hearing".

**2.** Stem u saam dat die frase "if warranted" impliseer dat 'n formele tugverhoor slegs behoort plaas te vind indien die omstandighede, bewyse of redes dit regverdig?

**3.** Is dit u standpunt dat die nuwe ringstugliggaam eers die klagtes op meriete ondersoek voordat daar besluit word of 'n formele tugverhoor geregverdig is?

**4.** Het u, of enige van die persone wat die oorspronklike klagtes teen ds Marius Coetzee aanhangig gemaak het, steeds enige rol in die huidige proses?

5. Het u enige verdere kommentaar oor die interpretasie van die hofbevel of huidige stand van die saak?

Ons sal u kommentaar waardeer ten einde enige verdere onduidelikhede uit die weg te ruim.

Vertrou om spoedig van u te hoor.

## Om as leraar op die plattelandaf te los

**Ds Pierre Marais (voorheen leraar op Ceres) skryf:** Ek en my vrou Mona het gedurende Mei en Junie vanjaar gaan aflos in die NG gemeente Fraserburg. Dit was vir ons 'n wonderlike en verrykende ervaring! Een van die lidmate, Danél Hoon, skrywe in 'n baie mooi gediggie dat die Karoo jou nie probeer beïndruk nie en jou nie probeer tevrede stel nie, die skoonheid lê juis in die wye vlaktes en die niks – dit laat jou besef hoe min jy nodig het! Jy werk met wat jy het en maak 'n plan met wat jy nie het nie. "Ons weet hoe om met min reg te kom, en steeds genoeg te hê." Ons was beïndruk met die mense en veral ook die kinders van die Karoo, wat so geleer het om vergenoeg te wees met wat hulle het, al is hulle ver van die gerief van die stadsliggies. Trouens, die mense met wie ons te doen gekry het, was almal uitsonderlike mense wat ons lewe werklik diep verryk het. Buiten dat hulle meer as genoeg het van alles wat nodig is om gelukkig te lewe, is hulle mense wat so geaard is dat hulle jou raakkyk en met hulle hart aanraak.

Met hierdie briefie wil ons dankie sê aan die gemeente, en die wens uitspreek dat julle geseën sal word met die regte leier vir julle vakante leraarspos.

En mag leraars nie wegskrik van die feit dat die platteland dikwels so ver afgeleë is nie, jy sal self ingesout word as mens tussen hierdie sout-van-die-aarde mense.

En ek hoop afgetrede leraars gryp so 'n aflos-geleentheid aan!

## *Wat van diegene wat deur die stelsel seergemaak is?*

**Henrietta Klaasing van Randfontein skryf:** Min mense sal verskil van dr Nioma Venter dat predikante ondersteuning en kollegiale bemoediging nodig het. Die beginsel van "care for the carers" is inderdaad belangrik, veral in 'n bediening waar mense daagliks blootgestel word aan verlies, trauma en die emosionele laste van ander.

Tog laat haar brief 'n ongemaklike vraag onbeantwoord: Wie word as "carers" beskou, en wie word uitgesluit van hierdie sorg? Terwyl daar tereg kommer uitgespreek word oor die welstand van predikante in diens van die kerk, is daar ook leraars wat hulle ampsbevoegdheid verloor het onder omstandighede wat hulle as onregmatig en onkerkordelik beskou. Sommige van hierdie sake dien steeds voor die hof. Hierdie persone was ook vir jare die "carers" van gemeentes.

Hulle het ook mense deur rou, trauma, konflik en lewenskrisisse begelei. Hulle het ook hulle roeping ernstig opgeneem en hulle lewe aan die bediening gewy.

Wanneer die kerk nou praat oor versorging van predikante, ontstaan die vraag of hierdie versorging ook na hulle uitreik. Indien nie, word "care for the carers" 'n beginsel wat selektief toegepas word – beskikbaar vir dié wat binne die grense van die instelling bly, maar nie vir dié wat deur die instelling se eie optrede gewond is nie.

Die pyn lê nie bloot daarin dat mense hulle werk verloor het nie. Dit lê daarin dat sommige van hulle van mening is dat hulle onreg aangedoen is en dat hulle steeds vir geregtigheid moet veg. Solank hierdie ervarings nie erken word nie, bly gesprekke oor genesing en ondersteuning vir baie moeilik om sonder voorbehoud te ontvang.

Ware pastorale sorg kan nie losgemaak word van geregtigheid nie. Om mense te versorg terwyl die oorsake van hulle pyn geïgnoreer word, is soos om 'n verband oor 'n wond te plaas sonder om die besering self te ondersoek. Die kerk se roeping is nie net om te troos nie, maar ook om eerlik na haar eie optrede te kyk wanneer daardie optrede moontlik bygedra het tot mense se lyding.

Die vraag is dus nie of predikante versorg moet word nie. Natuurlik moet hulle. Die vraag is of die kerk bereid is om dieselfde deernis, luister en pastorale omgee uit te brei na dié predikante wat vandag buite die kring van aanvaarding staan, veral waar daar ernstige vrae oor prosedurele en kerkordelike billikheid bestaan.

Indien die PredikanteSAAMkoms werklik die versorging van diegene wat die kerk dien ten doel het, behoort daar ook ruimte te wees vir selfondersoek oor die wonde wat binne die kerkverband ontstaan het. Anders loop ons die gevaar dat "care for the carers" 'n mooi slagspreuk word wat nie die volle werklikheid van alle leraars se ervaring aanspreek nie. Die geloofwaardigheid van pastorale sorg word nie net gemeet aan hoe goed ons diegene ondersteun wat nog binne die stelsel funksioneer nie, maar ook aan hoe ons omgaan met dié wat meen dat hulle deur die stelsel te na gekom is.

## *Hoekom ek wel die SAAMkoms gaan bywoon*

**Christiaan Wheeler van Bellville-Vallei-gemeente skryf:** Ek het nie 'n gawe om my woorde, soos baie van my kollegas wat gereeld hulle opinies met *Kerkbode* deel, vreeslik professioneel aan mekaar te weef nie, so ek gaan sommer net my hart met julle deel. Ek glo in geregtigheid en versoening en werk soos baie ander hard om sout en lig te wees in my gemeenskap.

Maar laat ek dit sê: Ek is lief vir my kerk en lief vir my land, maar beide my kerk en my land maak my moeg. Alewige temas wat verdeeldheid uitlig en in die proses verdeeldheid verdiep. Dit is die een populêre tydsgolf na die ander wat deurspoel en almal moet iets te sê hê. Ons almal lewe in stukkende gemeenskappe. Of dit nou in die bendegeweld-klimaat van die Kaapse Vlakte is of die veilige mure van 'n sekuriteitskompleks, oral is iets, of iemand, stukkend.

En predikante, waarna ek met absolute nederigheid wil verwys as predikante soos ek en vele ander wat ek ken, staan dag na dag gereed om die seer aan te spreek, by te staan of teen te staan. Of dit nou in die smeer van 'n toebroodjie is vir 'n skool se voedingskema. Of om iemand wat nie self kan nie by 'n hospitaal uit te kry. Die hawelose se naam te leer ken en saam met die persoon 'n pad te stap. Mense in te nooi, deel te maak en hopelik op ons eie klein manier, heling aan te bied. Dié dinge doen ons om hopelik iets te kan verander aan die gesig en hart van die gemeenskap waarin jy leef en dien.

En om nog nie eens te begin praat van broers en susters wat Sondag na Sondag op kansels klim om met mense oor die Woord van die Here te praat nie. Mense wat, dank Vader, in soveel gemeentes glad nie meer 'n homogene gesig is nie. Mense wat dit die moeite werd maak om die ure se voorbereiding en fyn luister in te sit en soms mense wat regtig maar net op soek is om fout te vind met alles, ons almal ken maar hulle soort. En baie doen dit sonder kollegas. So, afnaweke en verlof is alewig 'n kopseer en word op sigself werk om te beplan. So, ja, ek is moeg en ek glo daar is so baie ander wat moeg is.

Dit is vir my jammer dat nie meer denominasies en instansies in staat daartoe is om so iets vir hulle werknemers en predikante te reël nie. Maar ek is die Here dankbaar dat ek deel is van 'n kerklike familie wat dit vir die predikante gaan moontlik maak om saam met ander wat deur dieselfde dinge moeg gemaak word, uitgebrand word, skuldig voel oor verlof vat, wat dag in en dag uit, met integriteit en liefde, in diens van Jesus en sy kerk probeer leef, op Goudini te kan gaan rus.

En, weet jy, sonder 'n skuldige gewete. Want na daardie paar dae, gaan ek (hopelik) met nuwe energie en hoop, lus vir die bediening en nuwe vriende weer terugkeer na my kerk en my land, wat my so moeg maak, maar waarvoor ek so lief is. Die Here was nie kwaad toe Elia net gaan sit het en nie krag gehad het om verder te loop nie. Hy het hom laat rus, laat eet en drink.

## PredikanteSAAMkoms: Om dié te versorg wat dien

**Dr Nioma Venter skryf:**
Meer as twintig jaar het verloop sedert die laaste geleentheid waar leraars uit die hele NG Kerk as kollegas kon saamkom. Daarom is die PredikanteSAAMkoms wat in Augustus vanjaar by Goudini naby Rawsonville plaasvind, in baie opsigte 'n unieke geleentheid. Terwyl baie leraars die uitnodiging aangegryp het, is daar ook eerlike vrae oor die wenslikheid van so 'n onderneming.

Die bedoeling van die PredikanteSAAMkoms is om by die versorging, bemoediging en toerusting van predikante uit te kom.

Die beginsel van "care for the carers" is nie vreemd in enige beroep waar mense voortdurend met die nood, pyn en uitdagings van ander werk nie. Navorsing wat in 2025 deur die Algemene Taakspan Navorsing gedoen is, het duidelik gewys dat die welwese van baie predikante onder druk is. Dit is verstaanbaar. Daaglikse blootstelling aan verlies, trauma, onsekerheid, konflik en die uitdagings van gemeenskappe laat sy merk. Dominees is ook net gewone mense; hulle voel die pyn van ander en dra saam aan die emosionele las daarvan. In sulke omstandighede is die verskynsel van *compassion fatigue* nie onbekend nie.

Om na predikante om te sien, is nie bloot 'n belegging in dominees nie; dit is uiteindelik ook 'n geskenk van die kerkverband aan die welwese van gemeentes en die mense wat hulle dien.

Die PredikanteSAAMkoms het ook geestelike verdieping en hernuwing ten doel. Die SAAMkoms is nie bedoel as 'n vakansie of ontspanningsgeleentheid nie, maar as 'n ruimte waar predikante saam kan aanbid, die Woord bestudeer, oor hulle roeping besin en opnuut bemoedig word vir die bediening. Tyd saam met die Here, deur middel van 'n verskeidenheid temas, gesprekke en aktiwiteite, verkwik die siel. Dit is ook 'n geleentheid om herinner te word aan die voorreg om steeds in sy diens te mag staan. Waar baie leraars groot verantwoordelikhede dra en dikwels in uitdagende omstandighede werk, is sulke tye van afsondering en hernuwing nie vanselfsprekend nie.

Die waarde van ontmoeting moet nie onderskat word nie. Die kerk is meer as strukture, besluite en vergaderings. Kollegas wat mekaar selde sien, kry die geleentheid om verhoudings te bou en netwerke te versterk. Sulke ontmoetings dra dikwels by tot groter begrip, vertroue en verbondenheid. In 'n kerkverband wat oor groot geografiese afstande versprei is, is dit nie 'n geringe saak nie.

Daar is ook die vraag oor die koste. Die ondersteuning van hierdie geleentheid staan nie teenoor hulp aan noodlydendes nie.

Die kerk het die afgelope tyd op verskeie maniere daadwerklik by noodverligting, rampverligting en gemeenskapsontwikkeling betrokke gebly. Om mense in nood te help en om na leraars om te sien, is nie wedersyds uitsluitende keuses nie. Die een hoef nie ten koste van die ander te gebeur nie.

Miskien is die sterkste aanduiding van die behoefte aan so 'n geleentheid die feit dat die 650 beskikbare plekke binne enkele weke opgeneem is en die byeenkoms tot maksimum vol is. Verder het ongeveer 120 leraars ingestem om temas te lei – in daardie opsig is dit 'n byeenkoms vir dominees deur dominees.

Dit wys dat die behoefte aan ontmoeting en versterking werklik is. Daarom is die gebed vir die SAAMkoms eenvoudig: dat die Here sy kerk sal versorg deur dié te versorg wat geroep is om sy kerk te dien, en dat alles uiteindelik tot sy eer en die uitbreiding van sy koninkryk sal wees. Brief verkort – Red.



Foto's Le Roux Schoeman

# Gelowiges praat met nuanse, stilte én met dade

Terwyl duisende ongedokumenteerdes die afgelope week die land verlaat weens gemeenskapsgeleide protesaksie, het kerkleiers gemaan dat sorg vir die vreemdeling spruit uit die feit dat jy jou eie slawerny onthou. **Le Roux Schoeman** berig oor twee dae waarin Suid-Afrika moes besin oor hoe hulp lyk.




**Intergeloofsprotes buite St George-katedraal.**

Timothy het 'n jaar gelede in 'n aanmekaargeflansde bootjie oor 'n rivier met krokodille 'n vreemde land onwettiglik binnegekom en vanaand tel hy onder die byna 2 000 mense wat by 'n vlugtelingsentrum aanmeld vir nog 'n dramatiese lewenservaring: Massarepatriasie in die middel van 'n Kaapse winter.

Hy kom van Gokwe, die Putsonderwater van Zimbabwe. Tydens hierdie waarnemer se agtuurlange besoek aan Binnelandse Sake se Vlugtelingverwelkomingsentrum in Epping, Kaapstad, staan Timothy Godot-agtig en wag van vroegaand tot 2 uur die oggend op iets wat nie kom nie: 'n Geleentheid terug na Zim. Timothy is 17 jaar oud. Ons gesprek vind plaas op Maandag 29 Junie, die vooraand van landwye protes teen onwettige immigrante.

**'Ons leef in vrees'**

Die dag van landwye protes breek aan. Dinsdag 30 Junie. In die Kaapse middestad verduidelik Zodwa Booi aan *Kerkbode* dat mense in haar gemeenskap (Mfuleni op die Kaapse Vlakte) daagliks in vrees lewe vir buitelanders wat by misdaad betrokke is. Booi is 'n Wes-Kaapse leier van Operation Dudula en een van die leiers van sowat 300 mense wat in Waalstraat sing en slagspreuke laat weerklink teen die muur van die provinsiale wetgewer. Is dit nie 'n growwe veralgemening om te beweer dat veral buitelanders misdaad pleeg nie? vra 'n mens haar. Sy gee toe dat Suid-Afrikaners ook hulleself op groot skaal daaraan skuldig maak, maar glo die rol van buitelandse netwerke in dwelmverkope wat Operation Dudula glo al oopgevlek het is "oor en oor bewys" en teiken op siniese wyse kinders met spotgoedkoop dwelmmiddels soos tik. "Ons moet ontslae raak van mense wat nie van hier is nie, dat ons ons eie misdadigers kan regsien," het sy bygevoeg tydens 'n betoging in Waalstraat in die Kaapse middestad. "Dit raak nie mense wat woon in veiliger woonbuurte nie, dit raak ons, die township-omgewing. Dit is wat ons daagliks beleef. Ons het kinders gehad wat dood is van kos wat hulle eet by Spaza-winkels (wat deur buitelanders bedryf word). Dit raak ons," sê sy.

Oor die lot van die vele wat in aanloop tot Dinsdag se optog inderhaas moes vlug – soms te midde van ongure weer en met kinders en selfs babas op hulle rug, sê sy: "Ons hou nie daarvan om kinders in die koue te sien nie, maar hulle regerings moet intree."

Sy voeg by: "Ons kan nie as Suid-Afrika intree vir regerings wat mense in die steek laat nie. Ons is waar ons is oor ons verantwoordelikheid neem vir verskillende mense … Suid-Afrikaners is verwelkomende mense, maar dit het nou te veel geword."

Talle ander betogings teen onwettige migrante het Dinsdag in die provinsie en landwyd plaasgevind. 'n Klipgooi met Waalstraat af, het sowat 20 geloofsleiers vir 'n uur in stil protes op die trappe van die St George-katedraal vergader, met A4-blaaie waarop woorde soos "vrede" en "geregtigheid" in swart ink gedruk is. Stilte was 'n treffende toevoeging tot die debat.

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het sy allerbes gedoen om op geen manier die kompleksiteit van die gesprek rondom migrante te verskraal nie, met die onbedoelde gevolg dat hulle persverklarings langer en langer word in 'n digitale landskap waar inhoud neig om korter en korter te word.

Die volgende paragraaf uit 'n 3 000 woordlange pastorale brief wat die kerkleiers op 9 Junie in aanloop tot die protesaksie uitgereik het, gee 'n indruk van hierdie aanslag: "We must also remember that many who march and protest are not strangers to us, but members of our own congregations, who worship with us on Sundays and who raise genuine concerns that weigh heavily on their lives … Yet, having listened, we must say with equal honesty that a real grievance does not make a violent remedy right, nor a false culprit true. To feel genuine pain is one thing; to lay that pain at the wrong door, and then to take the law into one's own hands, is another."

Die ekumeniese liggaam, wat ook die NG Kerk verteenwoordig, beroep hom nie net op die ideaal van Ubuntu om sosiale wrywing te vermy nie. Hulle bied 'n Bybelse blik wat die oorbekende (lande vermoei deur armer buurlande) weer "onbekend" maak in terme van hedendaagse politieke diskoers: "Brothers and sisters, our judgment in this matter is not our own; it is given to us by the Word of God, which speaks with one voice across our traditions. The Scriptures return again and again to the stranger, the sojourner, the one far from home and who commands not suspicion but love. Israel was taught to treat the foreigner as native-born, remembering its own slavery in Egypt. Our Lord Himself was a refugee, carried into Egypt as a child to escape the sword of Herod. He has told us, plainly and without escape, where He is to be found: 'I was a stranger, and you welcomed me … Truly I tell you, whatever you did for one of the least of these brothers and sisters of mine, you did it for me.' – Matthew 25:35, 40."

**'Te min naasteliefde'**

Op dieselfde aand wat Timothy op 'n bus na die grenspos staan en wag het, klim ds Riaan de Villiers van Groote Kerk met nog 'n ywerige lidmaat in die stadgemeente se bussie en karwei doeke en sanitêre doekies na Epping se skares. Hy werk saam met ander noodorganisasies, ander kerkleiers, ander Samaritane en ander oorblufde burokrate wat hierdie draaibal probeer speel. Massas mense in die koue nag. Busse wat van waar moet kom? Met watter petrolgeld? Na watter bestemming?

Hy lyk moeg maar moedig. "Ons probeer al heel week om te doen wat ons kan. 'n Mens se hande voel afgekap. Jy voel oorweldig. Ons sou graag meer wou doen. Maar op die oomblik was ons doel net om daar te wees en in mense se behoeftes te voorsien," sê De Villiers terwyl hy ounag op die stil N2 terugkeer na die gemeentesaal waar voorraad van skenkings geberg word. "(Ons wil) op 'n praktiese manier iets van liefde en die koninkryk van God wys. Dit voel vir my ons het 'n groot gebrek aan naasteliefde in ons land. Wat doen 'n mens om om te gee, om vir mense te sorg?"

Met 'n rooi keps op sy kop, voor 'n ry opslaantoilette en rye en rye mede-Zimbabwiërs agter hom, skets Timothy iets van sy lewe tot op hede. "I have 17 years now, yes, I am too young. My mother is die and my father also is die. So no-one is give me something to do in my life."



**Ds Riaan de Villiers (links in blou). By hom is Francois du Plessis, 'n lidmaat by Groote Kerk.**

# 'Die Bybel bly tydloos'

*Gesprek met skrywerpredikant wat eeue-oue Bybelorganisasie deur uitdagende tye moet lei*

HELÉNE MEISSENHEIMER

"Of die Bybel nou op diervelle geskryf is in antieke Midde-Ooste, of digitaal gelees word in die stad, dit bly die tydlose woord van God in mensetaal wat lewens verander."

Só sê Gerhard Pietersen, die skrywer en predikant wat einde laasjaar die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) se nuwe uitvoerende hoof geword het. Dié organisasie, 'n lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe én een van die oudste en grootste Bybelvertaling- en verspreidingsorganisasies in die land, het in 2025 meer as 1,4 miljoen Bybels gratis versprei waarvan 14 657 volledige gedrukte Bybels was. Die res is afgelaai as volledige digitale Bybels.

*Kerkbode* het met hom gesels by die BSA se vierverdieping siersteengebou in Bellville – 'n gebou wat hulle deesdae deel met Radio Kaapsekansel en ander. Dit is een van vele aanpassings wat ons hoor die BSA, wat in 2020 hulle 200ste bestaansjaar herdenk het, in die afgelope paar jaar moes maak om volhoubaar en in pas met veranderde tye te kan bly.

Pietersen se naam mag bekend klink vir lesers. Hy het verlede jaar sy debuut as skrywer gemaak met sy traumamemoir, *Wond: Plaasmoorde – dis my mense*. Daarin beskryf hy die lang en moeilike proses van verwonding, rou en heelword na die moord op sy skoonouers in 2016.

**Wie is Gerhard Pietersen?**

"Ek is 'n boerseun deur en deur." Só vertel hierdie gebore Pretorianer. Ons sit in sy kantoor op die tweede vloer met 'n uitsig op Tafelberg. Hy en sy gesin bly al jare in die Kaap, maar sy komvandaan lê noord, veral in die Vrystaat. Sy ouers het soontoe getrek toe hy nog jonk was. Daar het hy op 'n plaas grootgeword want sy pa, wat by die spoorweë gewerk het, het deeltyds oor naweke geboer.

Sy roeping vir predikantword het hy jonk gekry. Hy was so 10 of 11, het dit in hoërskool amper verloor maar na skool tog vir teologiese studies ingeskryf by die Universiteit van die Vrystaat. Dit was interessante, uitdagende tye. Hy vertel sy klas was in 1994 die eerste om saam met studente van ander kerke en kulture te studeer. Pietersen onthou hy het toe al besluit hy wil interkultureel werk. Na hy met sy studies klaargemaak het was sy eerste beroep na Oshakati,



**Ds Gerhard Pietersen**
**Foto's: Adriaan Labuschagne**



'n afgesonderde gemeenskap op die Namibiese grens met Angola. "Cowboywêreld", beskryf hy dit. Daarna was hy predikant op Mosselbaai en toe Houtbaai tot die wrede gebeure van 2016 hom laat kies het om vir 'n ruk uit gemeentebediening te staan. Hy vertel hy het toe 'n leierskapposisie aanvaar by 'n interkerklike sendingorganisasie, Africa Inland Mission, tot die beroep in 2023 gekom het na Hoop Geloofgemeenskap, 'n bediening van die NG Gemeente Helderberg in Somerset-Wes. Hy is steeds deeltyds hier betrokke en lei ook soms geestelike *retraits* in stil afgesonderde plekke. Dit was in voorbereiding van 'n leiersretraite in Egipte, wat hy stilte gaan soek het in die Sinai-woestyn by 'n antieke Ortodokse klooster. Hier vind hy toe 'n biblioteek met antieke Bybelse en geloofsgeskrifte van 15 eeue terug. Drie goed het hier vir hom bymekaar gekom – sy liefde vir die Bybel, stil plekke in die natuur en geskiedenis. So toe die beroep kom na die BSA het dit net vir hom gevoel dit is vir hom die regte volgende stap.

**BSA: afskaal, vennootskappe en Immigransiebybels**

Die BSA waar hy einde laasjaar ingestap het is 'n kleiner maar meer vaartbelynde organisasie as 'n paar jaar terug. Pietersen vertel die Bybelgenootskap het soos talle ander Christelike organisasies oor jare groot sisteme opgebou. Hulle fondse het primêr van Afrikaanse kerke gekom. Krimpende lidmaatgetalle en kleiner gemeentes het dus 'n reuse-impak op hulle inkomste gehad. "Daarby bly dit 'n groot uitdaging om ook die breër ekumeniese kerk in Suid-Afrika aan boord te kry," voeg hy by.

Terselfdertyd het al meer rolspelers die digitale mark betree wat ook Bybels digitaal beskikbaar gestel het. Voeg hierby mense se verwagting dat digitale produkte verniet moet wees.

'n Radikale omkeerplan was nodig. Die moeilikste deel daarvan was dat hulle van hulle personeel in al vyf streektakke van die BSA moes laat gaan. Twee van sy voorgangers, ds Dirk Gevers en na hom, ds Rodney van Wyk van die Gereformeerde Kerk, was nou betrokke by hierdie stresvolle proses.

Die hart van hulle werk is steeds vrye toegang tot die Bybel vir almal in hulle eie taal, maar daar is besef dat hulle met ander sal moet handevat. So is Lumin Africa in vennootskap met ander rolspelers in Bybelvertaling- en verspreiding gestig. Dit is 'n samewerkingsooreenkoms onder verskeie rolspelers wat help om fondse te kanaliseer vir die tydsame werk om Bybeltekste te vertaal vir mense van Suider-Afrika wat nog nie Bybels in hulle eie tale het nie. Die lys met vertalingsprojekte waarmee hulle besig is, is op die vennootskap se webblad.

Die BSA doen ook steeds hersiening van bestaande Bybelvertalings. Kerke moet so 'n proses versoek. Pietersen het verduidelik dit is egter 'n duur proses wat miljoene kan kos en jare neem omdat soveel kundiges betrek moet word. So byvoorbeeld het die 2020-Bybelvertaling in Afrikaans meer as 170 medewerkers ingesluit en sowat 14 jaar geneem.

**Geletterdheidsinisiatiewe en Bybels vir immigrante**

Die BSA is ook by verskeie ander projekte betrokke. Een wat hom baie opgewonde maak is die Future Leaders-geletterdheidsprogram. Die




**Die BSA is ook by verskeie ander projekte betrokke. Een wat Pietersen baie opgewonde maak is die Future Leaders-geletterdheidsprogram. Die BSA het dié inisiatief in vennootskap met ander rolspelers in April vanjaar in KwaZulu-Natal bekend gestel. Bybelgebaseerde leermateraal is aan 10 000 leerders versprei en daar is planne om die projek ook in ander streke uit te rol.** Foto: BSA Facebook

*

**Vir meer oor die BSA of om hulle werk te kan ondersteun, besoek hulle webblad.**

BSA het dié inisiatief in vennootskap met ander rolspelers in April vanjaar in KwaZulu-Natal bekend gestel. Bybelgebaseerde leermateraal is aan 10 000 leerders versprei en daar is planne om die projek ook in ander streke uit te rol.

Hy het ook vertel van 'n nuwe Bybelskenking uit Nederland. Dit word genoem die Migration Bible. Pietersen verduidelik dat met die grootskaalse migrasie van miljoene mense oor die wêreld heen, hulle binnekort hierdie Engelstalige Bybels vryelik beskikbaar sal maak om gemeentes toe te rus wat betrokke is of wil raak by die bediening onder immigrante.

"Ons dink ons is 'n Christelike land waar almal toegang tot 'n Bybel het, maar dit is nie so nie," het hy afgesluit.


## NG GEMEENTE VOSBURG
(Noord-Kaap)

**VAKATURE: SES MAANDE VASTE TERMYNPOS VIR LERAAR: HERNUBAAR**

NG Gemeente Vosburg nooi gelegitimeerde predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk uit om, indien hulle oortuig is dat die Here hulle daartoe roep, hulle beskikbaar te stel vir oorweging vir 'n vastetermynaanstelling as gemeentepredikant.

Ons is 'n kleiner plattelandse gemeente wat ons identiteit in Jesus Christus vind. Ons verlang daarna om Hom met vreugde te dien deur sy Woord getrou te verkondig, mekaar in liefde op te bou en ons gemeenskap met deernis te dien.
Ons bid vir 'n predikant wat uit 'n lewende verhouding met Jesus Christus leef, die Woord Skrifgetrou verkondig, pastorale sorg met liefde verrig, saam met die kerkraad geestelike leiding gee en die gemeente toerus vir haar dienswerk.

Ons verlang nie na iemand wat ons roeping vir ons sal oorneem nie. Ons verlang na 'n predikant wat saam met ons sal luister, saam met ons sal onderskei, saam met ons sal dien en saam met ons op die Here sal vertrou.
Die aanstelling geskied ingevolge Reglement 16.1.6 vir 'n spesifieke taak in die gemeente en vir 'n vaste termyn van ses maande of korter.

**AANSOEKE:**
Belangstellende predikante word uitgenooi om 'n volledige CV, met drie onlangse verwysings en kontakbesonderhede, in te dien.
Kandidate wat oorweeg word, kan uitgenooi word om 'n preekbeurt waar te neem (welke kostes deur die gemeente gedra sal word) of vir 'n kort dienstermyn in die gemeente te dien voordat 'n aanstelling gemaak word.
Met die indiening van 'n CV gee kandidate toestemming dat die inligting, onderhewig aan die bepalings van die POPIA, vir die beroepingsproses gebruik mag word.

'n Maandelikse vergoeding van R15 000 per maand, gratis bewoning van 'n ruim en goed versorgde pastorie en ander diensvoordele (gratis WiFi, R500 selfoon en R500 betaalkragtoelae per maand) word gebied.

Belangstellende predikante kan op versoek die gemeenteprofiel, bedieningsprofiel, roepingsverklaring en uitnodiging tot beroeping van NG Gemeente Vosburg ontvang.

**SLUITINGSDATUM: 31 Augustus 2026.**

**NAVRAE:** Oudl I Fourie – 071 612 9275 | skriba H Naudé – 073 840 8788.
E-pos: vosburgngk@gmail.com

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die ontvangde aansoeke te maak nie.*



## NG KREMETART

Die kerkraad van NG Kremetart in Polokwane nooi jou om op jou unieke wyse ons te help om God se vreugde oor sy gemeente te vermeerder.
Die kerkraad nooi, ingevolge Artikel 9 van die Kerkorde van die NG Kerk, gelegitimeerdes van die NG Kerk asook leraars van die susterskerke, om aansoek te doen.

### VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS

**Sluitingsdatum: 31 Oktober 2026.**

**Iets oor ons gemeente:**
NG Kremetart is 'n voorstedelike gemeente in Polokwane, in die Limpopo-provinsie.
Vier "G"s rig ons, naamlik: Geloof, Groei, Gemeente, Gemeenskap met waardes: Deernis, Diensbaarheid, Geregtigheid, Vrede, Liefde en Hoop.
Ons gemeente is 'n gemaklike groep van verskeie ouderdomsgroepe en professies. Ons funksioneer maklik saam en is 'n sosiaal gebalanseerde gemeente – kuiers Sondae na erediens met koppie tee/koffie en jaarlikse unieke lentemark.
Ons lidmate is 'n goeie verspreiding van afgetredenes, professionele, besigheids- en ambagsmense.
Ons ouderdomsprofiel is soos volg: junior jeug (71); senior jeug (36); jong werkendes/studente (49); jong werkendes (131); senior werkendes (131) en pensionarisse (277) – 'n totaal van 695 doop- en belydende lidmate.

**Iets oor ons stad:**
Polokwane is die hoofstad van Limpopo. Dit is 'n pragtige deel van die land in maklike bereiking van berge, klowe, wildparke, jagplase en vakansiebestemmings – Die Eiland, Swadini.
Die wildtuin is naby, maklike reise na Zimbabwe en Botswana. Polokwane se klimaat is heerlik en matig, met somers nie te warm nie, en winters nie te koud of te lank nie.
Naby genoeg aan Pretoria as vinnig in stad wil kuier, met Haenertsburg en Magoebas om die draai vir tuinroetegevoel.
Ons het goeie laer- en hoërskole, twee goeie privaathospitale en 'n hele aantal goeie en groot winkelsentrums met 'n lewendige eiendomsmark.
Tans is hier drie NG gemeentes in ons stad, en ons samewerking met mekaar is baie goed. Ons handhaaf ook goeie bande met alle ander kerke.

**Wie kan aansoek doen?**
- Ons leraar moet oor 'n suiwer gereformeerde teologie beskik wat ons verhouding met, en ons liefde vir God, vir mekaar, vir die gemeenskap en vir die omgewing, kan verdiep en dit entoesiasties, verstaanbaar en kreatief in die prediking kan oordra.
- Ons leraar moet 'n liefde hê vir die kerklied van die kerk soos veral in ons Liedboek, Vonkk en FLAM.
- Ons leraar moet gemaklik wees om die bediening met jonk en oud te deel, en ons bemagtig sodat ons netwerke van diensbaarheid kan skep.
- Ons leraar moet gemaklik wees met die gebruik van sosiale en multimedia.
- Ons soek nie "volmaaktheid" nie, maar egtheid en opregtheid, iemand wat, soos ons ook broos en weerloos kan wees, en wat bewus is van persoonlike beperking en onvermoë.

As jy gemaklik is met alles hierbo, nooi ons jou graag om die volgende leraar van NG Kremetart te word.

**Vergoeding en voordele:**
- Volledige pakket is onderhandelbaar met die sinodale skale as riglyn.
- 'n Pastorie OF verblyftoelaag is beskikbaar.

**Sluitingsdatum en diensaanvaarding:**
Die sluitingsdatum vir die indiening van CV's is: **31 Oktober 2026**
- Ons sal jou CV deeglik oorweeg en mag dan besluit om jou vir 'n onderhoud en/of 'n preekbeurt te nooi.
- Stuur gerus jou CV van nie langer nie as drie bladsye na ngkremetart@lantic.net
- Ons sal ook graag die name en kontakbesonderhede van drie referente ontvang.
- Die datum vir diensaanvaarding sal met die geskikte kandidaat onderhandel word.

**Navrae:**
- Johan van Huyssteen (voorsitter) 083 445 1949.
- Cielie Theunissen (kantoor) 082 597 6908 / 015 295 8849.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie noodwendig 'n aanstelling te maak uit die aansoeke wat ontvang word nie.*

# Wat het die vorige massa-saamtrek van dominees ons geleer?

LE ROUX SCHOEMAN



8 Julie 2005 Kerkbode Predikantekonferensie 11

# Bloemfontein Predikante-konferensie – 'n getuienis

**Eenduisend vierhonderd predikante van die NG Kerk het die Algemene Predikantekonferensie op 20-22 Junie 2005 in Bloemfontein bygewoon. Ons het bymekaar gekom om ons roeping te vier en om nuut na God en mekaar te luister. Die byeenkoms was 'n unieke geloofbelewenis. Ons het ervaar dat die Here self ons hier byeengebring het en met ons gepraat het. Hiervan wil ons graag getuig.**

Ons het hier eerlik verhale gedeel oor sowel ons bedieningsvreugdes as ons broosheid. Ons kon met mekaar praat oor seerkry en heelword. Ons het teenoor mekaar getuig hoe die Here ons daardeur dra en help om ons roeping nuut te ontdek.

Ons het hier opnuut ontdek dat die belydeniskarakter van ons kerk vir ons almal kosbaar is. As predikante van 'n belydeniskerk wil ons daarom méér erns maak met ons belydenisskrifte én bly saamdink oor die behoefte aan 'n eietydse belydenis. Ons staan by die Bybel as die Woord van God.

Ons bely met oortuiging dat Jesus Christus die opgestane Here is en dat Hy deur sy Heilige Gees in ons woon en ons vernuwe tot lof van ons Vader.

***Ons het onsself hier opnuut verbind aan mekaar en aan die kerkverband. Ons wil saam die pad stap aan die hand van die volgende waardes:***

- Ons identiteit as predikante is dat ons bedienaars van die Woord is.
- Ons wil dien en nie heers nie.
- Lidmate is saam met ons mede-geroepenes. Ons wil leer om hulle meer te vertrou met die bediening.
- Die NG Kerk is die kerk vanwaar ons ons roeping uitleef.
- Die kerk is veral die plek waar daar warmte is en genesing plaasvind.

*Ons het hier bewus geword van die volgende roepingsuitdagings op ons pad:*

- Ons wil geloofwaardig wees deur dit wat ons leer ook te leef.
- Ons wil 'n kerk wees wat diversiteit as verryking hanteer.
- Ons is baie bewus dat die NG Kerk in 'n multi-kulturele omgewing is en 'n roeping teenoor almal in die gemeenskap het.
- Ons wil erns bly maak met die proses van kerkhereniging en heeltyd sensitief wees om vir mekaar ruimte te skep en begrip te hê op hierdie pad.
- Ons is diep bewus daarvan dat die nood en gebrokenheid in ons samelewing ook ons verantwoordelikheid is.

***Hierdie uitdagings vra dat ons nuwe vaardighede aanleer en ons is bereid om daarvoor toegerus te word.***

***Ons sien uit na die Seisoen van Luister waar ons dwarsdeur die kerk nuut na God, mekaar en die wêreld gaan luister.***

***Ons keer na ons gemeentes terug om met nuwe entoesiasme ons roeping saam met al ons lidmate te vier.***

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
SEISOEN VAN LUISTER

Bykans twee dekades ná 1 400 predikante van 20-22 Junie 2005 op die Kovsiekampus in Bloemfontein byeengekom het, bring die NG Kerk eersdaags weer sy werksmag saam vir versorging en geestelike verdieping.

Sowat 750 predikante van regoor die land sal van 24 tot 28 Augustus by die ATKV Goudini Spa in die Wes-Kaap vertoef. Dit sluit diensleraars, proponente en, onder bepaalde omstandighede, emeriti in.

Nes in 2005, plaas die organiseerders van PredikanteSAAMkoms swaar klem op roeping. Maar die twee saamkomste verskil ook op vele punte. Vanjaar s'n is kleiner, langer en dit eindig met 'n musiekproduksie genaamd Saam in Lof, waarvan die TV-kanaal Via glo later 'n opname wil uitsaai.

Met dit alles gesê, sal sommige predikante se identiteitangs dramaties styg wanneer 'n organisasie met 'n werksmag so homogeen soos dié van die NG Kerk in die jaar 2026 by 'n Bolandse warmwaterbron vergader. Die vraag is immers nie net hoe dit mag "lyk" nie. Dit is ook 'n eerlike vraag na wie die NG Kerk inderwaarheid in en vir die hedendaagse Suid-Afrika is.

Ds Maartje van der Westhuizen, die ondervoorsitter van die Algemene Sinode Moderamen (ASM), is die sameroeper van die geleentheid. Van der Westhuizen hoop dat deelnemers uiteindelik "met nuwe moed en vars idees (sal) huis toe gaan, met die diepe wete dat hulle deel is van 'n groter geloofsgemeenskap wat saam die Here dien".

Oor die keuse van venue, sowat 6 km van Rawsonville in die Breedevallei, sê sy: "Hoewel ons verskeie ander opsies oorweeg het en kwotasies ingewin het, het Goudini uiteindelik die beste aan al ons vereistes voldoen."

Kerkleiers het R5 miljoen uit die Algemene Sinode se belegging bewillig om die geleentheid so toeganklik moontlik te probeer maak vir diegene wat dit wil bywoon. "Dink daaraan soos 'n kunstefees vir die gees: oral is daar iets aan die gebeur, iets wat jou kan verras, aanraak of inspireer – en deurgaans het jy 'n keuse," luidens ngkerk.org.za/saamkoms.

"Ons skuif doelbewus weg van vergaderings, toesprake en aanbiedings en beweeg na interaksie, ontmoeting en verbeelding," luidens die omvattende kommunikasiewebwerf.

In die blaaie van *Kerkbode* sien 'n mens hoe die vorige landswyse saamtrek van NG dominees ontvou het. In die briewe en beriggewing oor die predikantekonferensie van 2005 hoor 'n mens in uitgawes van Jan-Aug dieselfde uiteenlopende opvattings oor kerkwees wat gelowiges weer vanjaar verwoord. Asóók die geloofseenstemmigheid te sien in 'n eenvoudige sin soos: "Ons wil dien, nie heers nie." Laasgenoemde is namens konferensiegangers as deel van 'n omvattende getuienis in *Kerkbode* gepubliseer.

**Om balans te vind: Nodige besteding te midde van armoede**

"Ek dink doodeenvoudig dit is onverantwoordelik en ongehoorsaam aan God se Woord in ons konteks in 2005 dat enige gemeente van die NG Kerk soveel geld op predikante, wat graag blink wil vertoon, bestee," skryf dr Martin Heyns van Pinelands destyds in 'n brief aan *Kerkbode*, beswaard dat daar van hom verwag word om sy gemeente vir R2 000 te vra vir die bywoning van hierdie "blink besigheid in Bloemfontein".

Spoel vorentoe.

In aanloop tot vanjaar se saamtrek is *Kerkbode* se brieweblad weer gasheer vir hierdie soort gesprek. Dr Johannes Mouton van Table View-gemeente skryf oor die armoede in Suid-Afrika: "Teen hierdie agtergrond sukkel ek om dit te regverdig dat ons miljoene rande spandeer op 'n nie-amptelike, opsionele byeenkoms vir 'n klomp bevoorregte mense. Trouens, ek beleef dit as toondoof."



6 HOOFARTIKEL KERKBODE 22 APRIL 2005

KERKBODE

Amptelike koerant van die NG Kerk
22 April 2005
Deel 174, nr 6

## Predikantekonferensie ... nie van brood alleen

Terwyl die entoesiasme hoog begin loop vir die predikantekonferensie in Junie en die verskillende sinodes baie moeite doen om te verseker dat alle NG predikante daar kan wees, is daar hier en daar 'n gemor oor die koste en die moeite en die nodigheid van die byeenkoms (lees ook bl 10).

Ja, ons moet altyd bewus wees van die konteks waarin ons kerk van Christus is en die armoede en hopelose omstandighede waarin die meeste van ons land se inwoners leef. En ja, dit moet in elke finansiële besluit wat ons neem 'n deurslaggewende rol speel. Dit is egter nie die enigste oorweging wat kan geld nie. "'n Mens kan nie van brood alleen leef nie," het Jesus vir die duiwel gesê toe hy hom 'n broodkoning wou maak. Almal sou genoeg kon hê om te eet, maar teen watter prys? Dooie siele, vernietigende materialisme? Dink ook aan Judas se kritiek op die duur nardusolie waarmee Maria Jesus se voete gewas het en Jesus se antwoord daarop.

Dis ook die dilemma van 'n regering soos ons s'n: hoe moet die fondse tussen materiële nood, opvoeding en estetiese of geestelike nood verdeel word? Kan 'n mens - wanneer mense nie huise het nie - geld aan parke bestee of skilderye vir die kunsmuseum aankoop of kerke bou? Al hierdie behoeftes - kos vir liggaam en siel - is ewe belangrik.

Dat die predikantekonferensie nie luuks mag wees nie, staan soos 'n paal bo water. Maar dat die konferensie moet plaasvind, is ook seker. Daar is 'n geweldige behoefte in die kerk vir al ons predikante om een keer almal saam die aangesig van God te soek, onsself te verootmoedig en opnuut, geïnspireer deur sy Gees, die nood in ons land met albei hande - met hart en siel - aan te pak.

Ons weet dit vra groot offers van sinodes én gemeentes. Maar dink net watter wonderlike reën van seën kan daar nie neerdaal op ons land en kerk as al ons predikante vir 'n paar dae saam gevoed kan word met die Brood van die lewe nie!

## Koerantetiek

Poniekoerante het die afgelope tyd lekker munt geslaan uit domineestories. G'n mens kan hulle kwalik neem as hulle 'n goeie storie beet het waarvan mense moet en wil weet nie. Die vraag is natuurlik net "hoe?". Wanneer oorwin swak smaak en word joernalistiek smerig?

Die antwoord "solank as dit verkoop" is nie 'n bevredigende antwoord nie. 'n Mens kan nie van brood alleen leef nie. 'n Gesprek tussen die verskillende rolspelers, maar veral ook tussen die kerk en die media, word 'n dringende noodsaaklikheid.

Ook op *Kerkbode* se Facebookblad word die brief energiek bespreek.

Ds Fourie Rossouw van Stellenbosch skryf in reaksie bogenoemde soort kritiek val hom vreemd op die oor. "Asof ons nie 'n groot verskil in die wêreld kan maak én ook die lewe saam kan geniet en vier nie." Dr Nioma Venter, die algemene sekretaris van die NG Kerk, sluit in 'n brief by Rossouw se punt aan. "Die ondersteuning van hierdie geleentheid staan nie teenoor hulp aan noodlydendes nie. Die kerk het die afgelope tyd op verskeie maniere daadwerklik by noodverligting, rampverligting en gemeenskapsontwikkeling betrokke gebly. Om mense in nood te help en om na leraars om te sien, is nie wedersyds uitsluitende keuses nie," skryf sy.

Die aktuele wat 'n mens by Venter moet hoor om kerkleiers se besluitneming goed te verstaan, is die Algemene Taakspan Navorsing se data uit 2025 waarna sy in haar brief verwys. Dit toon dat die welwese van baie predikante onder druk is. "Dominees is ook net gewone mense; hulle voel die pyn van ander en dra saam aan die emosionele las daarvan. Om na predikante om te sien, is nie bloot 'n belegging in dominees nie; dit is uiteindelik ook 'n geskenk van die kerkverband aan die welwese van gemeentes en die mense wat hulle dien," skryf Venter.



6 Julie 2005 Kerkbode 3

## Debat oor kernsake in NG Kerk verdiep

*Daar word 'n hewige debat in die NG Kerk oor verskeie kernsake in die kerk na afloop van die predikantekonferensie in Bloemfontein.*

### Kerkbode se redakteur bly aan

### Vroueleraar gooi tou op met NG Kerk



**Kan 'n mens die konteks by die deur laat?**

'n Tweede raakpunt tussen die 2005-saamkoms en vanjaar s'n is die vraag of so 'n geleentheid sosiaal-polities uit voeling is. In 2005 het 'n leraar glads ná die predikantekonferensie uit die kerkverband en uit haar pos bedank, luidens 'n berig in *Kerkbode* van 8 Julie 2005. "Toe ek die eerste aand die saal instap en sien wie is die leiers van die NG Kerk, het ek ervaar met watter oë die res van die land na ons kyk," het Sunette Pienaar destyds aan *Kerkbode* se verslaggewer gesê oor die afwesigheid van verteenwoordigers van ander kerke in die kerkfamilie. Vier predikante het in 'n sterk bewoorde brief, wat in dieselfde uitgawe van *Kerkbode* verskyn het, eweneens die afwesigheid van die VGK en die "a-kontekstuele karakter" van die geleentheid betreur.

Spoel vorentoe.

Vanjaar se saamkoms nooi ook nie leiers van ander kerke of ekumeniese vennote nie. Maar eerder as 'n soort protokol-glips, kry 'n mens via die webwerf die duidelike indruk van 'n alternatiewe visie vir die geleentheid. "Ons gaan saam as predikante weer na die lewe van Jesus kyk en die avontuur van ons roepings gaan ons met mekaar deel," verduidelik dr Tom Smith. Hy tree op as leier van die saamkoms se "Inhoudspan". (Hy is ook die hoof van die NG Kerk se Sentrum vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling in Pretoria, asook die moderator van Sinode Hoëveld). Volgens Smith sal twee goed elke dag anker by vanjaar se saamkoms. "Oggend- en aandgeleenthede waar ons die Here saam prys. Vir die res van die program word verskillende lokale gebruik vir verskillende leerstyle," het hy in 'n videogreep aan afgevaardigdes verduidelik. "Van ons leer lekker as ons van 'n (teologiese) ekspert hoor … Dan is daar 'n ander spasie wat 'n kunsspasie is. Waar jy jou regterbrein kan aktiveer. Dan is daar sessies oor geestelike begeleiding. Dalk het jy nodig om saam met iemand te gesels en te bid," verduidelik hy.

Die organiseerders dink klaarblyklik holisties en sluit fisieke aktiwiteite en verskillende formate van saamwees by die program in. Wanneer Smith, 'n kranige drawwer, oor "beweging" praat, verwys hy egter nie net na goed soos die gebedsroete en opsies om te stap en vlugbal te speel nie. Die hele saamkoms is volgens hom 'n reis wat gebaseer is op sewe "bewegings" uit Jesus se lewe volgens die Evangelie van Lukas. Te wete, Jesus kom, Jesus roep, Jesus genees, Jesus leer, Jesus ly, Jesus heers.

**Roeping as identiteit**

In 2005 het dr Coenie Burger, as moderator van die Algemene Sinode, in sy afsluitingsboodskap in Bloemfontein ses stellings oor roeping aan die hand van Johannes 21:15-21 gemaak, wat in Kerkbode gepubliseer is. En in 'n voorwoord aan konferensiegangers het hy verduidelik dat Gereformeerde kerke, anders as sommige ander kerke, nie 'n uitgebreide liturgie het wat identiteit kan gee nie. "Ons identiteit hang saam met hoe ons ons roeping op 'n plek verstaan in samehang met die Skrif en belydenis."

Maar die mees tasbare raakpunt tussen die Bloemfontein wat was en die Goudini wat voorlê, is Burger se opmerking dat saamwees krag het. "Soms gebruik die Here die woorde, die handdruk, die oë van 'n suster of 'n broer om ons nuwe moed te gee vir die pad wat voor ons lê."

**Dinkstof: Terug na die toekoms**

# Soli Deo gloria vir die vroue in die kerk

JOHAN VAN DER MERWE

Vrouedag, 9 Augustus is om die draai. Vir baie is dit 'n polities gelaaide dag, maar dit kan ook meer wees. Dit kan 'n geleentheid wees om onsself te herinner aan die belangrike rol wat vroue in die geskiedenis van die Christendom en daarmee ook in die geskiedenis van die NG Kerk gespeel het.

Lees 'n mens die verhaal van die vroeë kerk, kom jy vining agter hoe belangrik die rol was wat vroue soos Priscilla, Phoebe en Lidia gespeel het. Perpetua was byvoorbeeld 'n jong ma en edelvrou in Kartago (Noord-Afrika) wat in ongeveer 203 nC geleef het. Sy is gearresteer omdat sy 'n Christen was en het verkies om in die arena doodgemaak te word, eerder as om haar geloof in Jesus prys te gee. So het sy een van die bekendste vroulike martelare van die vroeë kerk geword.

Die rol wat vroue in die geskiedenis in Suid-Afrika gespeel het is alombekend. 'n Mens dink onwillekeurig aan die verhaal van die "Kaalvoetvrou", Susanna Smit, suster van die Voortrekkerleier Gert Maritz, wat in 1837 gesê het dat sy eerder kaalvoet terug oor die Drakensberge sou stap as om weer onder die Britse vlag te leef. 'n Mens onthou Emily Hobhouse, die Britse Christenvrou en die rol wat sy tydens die Tweede Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902) gespeel het. Miskien minder bekend, Annette Marais, wat in die Bethulie-konsentrasiekamp met haar boodskap oor mossies uit Matteus 10 die vroue in die kamp bemoedig het. Haar verhaal het genl Jan Smuts so aangegryp dat hy gesorg het dat mossies baie lank as beeld op die eensentmuntstuk gebruik is.

Die groot heldinne uit die geskiedenis is egter die naamlose vroue – hulle wat nie bekend of beroemd geword het nie, vir wie daar nie standbeelde of monumente opgerig is nie, maar wat in kerk en samele-



wing 'n onmisbare rol gespeel het. Die voortbestaan van elke gemeente van die NG Kerk sonder die rol wat vroue in die gemeente gespeel het en steeds speel, is haas ondenkbaar. Dink vir 'n oomblik aan die verkondiging van die Woord, onderlinge sorg, uitreike en die insameling van fondse. Dink aan preke wat gepreek is, gemeentekuiers wat gereël is, truie wat gebrei is, borde kos en koppies sop wat uitgedeel is, en aan elke pannekoek wat gebak is om fondse vir die kerk in te samel. Onthou ons die rol van vroue so, word elke kerkgebou van die NG Kerk in die stede en dorpe van Suid-Afrika 'n lewende monument vir die naamlose vroue en vir die rol wat hulle in die geskiedenis van die NG Kerk gespeel het. Vanjaar val 9 Augustus op 'n Sondag. Miskien is dit 'n unieke geleentheid om met oorgawe te sê: "Soli Deo gloria" vir die vroue in die kerk.

*Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en is 'n voormalige aktuarius van die NG Kerk.*

**Dinkstof: Verstaan die NuweTestament**

# Geseënd is die plekmakers

MARIUS NEL

Die Amerikaanse Nuwe-Testamentikus Patrick Schreiner wys in sy *The body of Jesus: A spatial analysis of the kingdom in Matthew* daarop dat uitleggers tradisioneel meestal op die temporele aspekte van die koninkryk van God gefokus het. Hulle konsentreer op "wanneer" God se heerskappy finaal gevestig gaan word eerder as op "waar" dit geleë is.

Verder beklemtoon hulle die koninkryk as God se dinamiese heerskappy in abstrakte terme eerder as die transformasie van die bestaande wêreld. Hoewel die koninkryk van God, soos enige koninkryk, 'n heerser se heerskappy veronderstel, is dit ook 'n gebied. Die Skotse Nuwe-Testamentikus Howard Marshall, wat in 2015 gesterf het, het in dié verband opgemerk dat koningskap in die tyd van Jesus nie in die abstrakte uitgeoefen is nie.

Dit het 'n grondgebied en 'n volk waaroor geheers word veronderstel. Ons moet daarom waak teen die neiging om die koninkryk van God in Matteus bloot as die ideaal van die toekomstige aanvaarding van die heerskappy van God te verstaan.



Schreiner verwys in dié verband na die 1562-uitgawe van die Geneva-Bybel wat Matteus 5:9 per abuis as "Geseënd is die plekmakers" gedruk het in plaas van "Geseënd is die vredemakers."

Die drukfout kommunikeer onbedoeld 'n diep waarheid. In Matteus is Jesus nie bloot die een wat vrede tussen ons en God bewerk en van sy volgelinge verwag om dit aan almal te betoon nie.

Hy is ook die plekmaker wat in die huidige wêreld vir ons plek maak en wat verwag dat ons dit ook vir ander sal doen. Jesus tree as plekmaker op deurdat sy woorde en dade bestaande aardse stelsels uitdaag om vir ons ruimte te maak.

Sy liggaam is verder die axis mundi, die nuwe heilige spilpunt wat die tempel vervang het, waar hemel en aarde bymekaarkom. Jesus is die beliggaming van God se teenwoordigheid op aarde.

Hy is Immanuel wat met sy kerk is tot aan die einde van die tyd (Matt 1:23; 28:20). Die kerk is dan ook geroep om saam met Hom plekmakers te wees. Die herstel van die aarde begin in Matteus by die liggaam van Jesus en brei uit na sy volgelinge wat deur die Gees die nuwe skepping beliggaam as 'n gemeenskap. As sout en lig moet hulle die koms van die koninkryk van God demonstreer deur hulle sosiale interaksie en deugsame lewenswyse.

Uiteindelik is die koninkryk van die hemele in Matteus 19:28-29 meer as 'n toekomstige ideaal. Dit is 'n plek (huise en velde), 'n familie en 'n nuwe wêreld.

*Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch en is ook die assessor van die Wes-Kaapse Sinode.*

Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za

Hierdie kennisgewings is op 24 Julie 2026 opgedateer.

**BEROEP**
Ds N (Nadine) Bronkhorst van Rustenburg-Bergsig na George; prof JG (Jannie) le Roux (emeritus) na Helderberg; dr BP (Bennie) Marais van Charl Cilliers na Luckhoff; ds HF (Heinrich) Niehaus van Laingsburg na Gordonsbaai; ds R (Rehan) Rheeder van Universiteitsoord na SDR Noordelike Sinode as hoof- uitvoerende beampte; ds SWP (SW) Scott sr (emeritus) van Newcastle na Klerksdorp-Oos; ds A (Adele) Strauss vroeër van Pellissier na Retief; prop RW (Rohan) van Niekerk van Vishoek na Wynberg.

**AANVAAR**
Ds AD (Attie) Botha (emeritus) van Jansenville na Albanie; ds L (Leonie) Johnson van Haakdoorn as tentmaker na Waverley; ds HF (Heinrich) Niehaus van Laingsburg na Gordonsbaai; ds A (Adele) Strauss vroeër van Pellissier na Retief; Prop RW (Rohan) van Niekerk van Vishoek na Wynberg.

## WES-KAAP

**BEROEP**
Ds HF (Heinrich) Niehaus van die NG Gemeente Laingsburg is na die NG Gemeente Gordonsbaai beroep. (Sanette Strydom, kantoorbestuurder/skriba: NG Gemeente Gordonsbaai, 29.06.2026).
Die kerkraad van die NG Moedergemeente George het ds Nadine Bronkhorst van Rustenburg-Bergsig na die NG Moedergemeente George beroep. (Dr AC Pieterse, skriba: Ring van George, 07.07.2026).
Proponent Rohan van Niekerk van NG Gemeente Vishoek is beroep na NG Kerk Wynberg op 02.06.2026. (Petro van Rensburg, skriba: NG Kerk Wynberg, 26.06.2026).

**AANVAAR**
Ds Heinrich F Niehaus van Laingsburg-gemeente het 'n beroep na die NG Kerk Gordonsbaai as voltydse leraar aanvaar. Hy word op 6 September 2026 bevestig in die gemeente. (Sanette Strydom, kantoorbestuurder/skriba: NG Gemeente Gordonsbaai, 21.07.2026).
Proponent Rohan van Niekerk van NG Kerk Vishoek het die beroep na NG Kerk Wynberg aanvaar op 26.06.2026. Hy word op Sondag 19 Julie 2026 in die gemeente bevestig. (Petro van Rensburg, skriba: NG Kerk Wynberg, 26.06.2026).

**RINGSITTING**
Die Ring van Bellville gee hiermee kennis dat die ring se 56ste ringsvergadering DV op Dinsdag 1 September 2026 te NG Kerk Vredelust sal plaasvind. (Dr AS (Annemarie) de Kock-Malan, ringskriba: Ring van Bellville, 17.07.2026).

## OOS-KAAP

**AANVAAR**
Hiermee gee die kerkraad van NG Kerk Albanie kennis dat ds Arthur (Attie) Daniël Botha die beroep na NG Kerk Albanie te Grahamstad (Makhanda) aanvaar het. Indienstreedatum is 01 Augustus 2026 met bevestiging (DV) Vrydag 14 Augustus 2026. Dit is 'n driejaartermyn kontrakpos. (Mariëtte Barnardt, skriba/kassier: NG Kerk Albanie (Grahamstad), 13.07.2026).

**BEVESTIGING**
Ds Adele Strauss, wat in 2017 by Pellissier demissie ontvang het, is op Sondag 5 Julie 2026 deur ds Rion van Niekerk as leraar by die NG Gemeente Retief bevestig. (Alma Oelsen, skriba/kassier: NG Gemeente Retief, 06.07.2026).

## NOORD-KAAP

**RINGSITTING**
Die Ring van Hanover hou DV op Saterdag, 19 September 2026 hulle 43ste ringsvergadering te NG Kerk Petrusville. (Madeleine Hattingh, ringskriba: Ring van Hanover, 13.07.2026).
Kennis geskied hiermee dat die 77ste gewone ringsitting van die Ring van Kenhardt gehou sal word op Saterdag 15 Augustus 2026 by die NG Kerk Augrabies. (Ds Annatha Nel, voorsitter: Ring van Kenhardt, 23.06.2026).

## VRYSTAAT

**RINGSITTING**
Die 86ste ringsitting van die Ring van Bethlehem vind plaas op Maandag 17 Augustus 2026 vanaf 09:00 te NG Gemeente Bethlehem-Oos. (Gideon Lamprecht, skriba: Ring van Bethlehem, 17/07/2026).

**BEROEP**
Die kerkraad van die NG Gemeente Luckhoff het vir dr Ben Petrus Marais tydens 'n kerkraadsvergadering gehou op 29 Junie beroep na Luckhoff in 'n 2 jaar vastetermyn predikantspos. (Mev HWB du Plessis, skriba: NG Gemeente Luckhoff, 02.07.2026).

## GOUDLAND

**BEROEP**
Hiermee gee die kerkraad van NG Kerk Klerksdorp-Oos kennis dat ds Schalk Willem Petrus Scott (SW) emeritusleraar van Newcastle, op 'n kerkraadsvergadering van 23 Junie 2026, vir 'n vaste termyn van twee jaar beroep is. Ons vertrou die Here se leiding en vra vir voorbidding. (Mev Attie Pfister, skriba/kassier: NG Kerk Klerksdorp-Oos, 29/06/2026).

**EMERITAAT**
Ds CCJ (Chris) Olivier het 'n Akte van Demissie ontvang op 30 Mei 2026 en is weer vanaf 1 Junie 2026 aangestel in 'n vaste termyn diensooreenkoms van drie jaar by NG Gemeente Drie Riviere-Oos nadat goedkeuring van die Ring van Vereeniging ontvang is. (Martie Olivier, uitvoerende sekretaresse: NG Gemeente Drie Riviere-Oos, 19.06.2026).

## NOORDELIKE

**BEROEP**
Ds Rehan Rheeder is deur die Sinodale Diensraad (Noordelike Sinode) op 24 Junie 2026 beroep as hoof- uitvoerende beampte van die sinodekantoor. (Elmarie Jooste, kommunikasiebeampte: Noordelike Sinode, 29.06.2026).
Tydens 'n beroepsvergadering op 13 Junie 2026 is dr SJJ (Sampie) Niemand as brugpredikant beroep na die NG Gemeente Wesmoot. (H Kapp, saakgelastigde: NG Kerk Wesmoot, 15.06.2026).

**AANVAAR**
Ds Leonie Johnson het die beroep as tentmaker vanaf NG Gemeente Haakdoorn na NG Gemeente Waverley aanvaar. Haar intreepreek is Sondag 2 Augustus 2026 by NG Gemeente Waverley. (Dalene Myburgh, saakgelastigde/skriba: NG Gemeente Waverley, 15.07.2026).

**RINGSITTING**
Die Ring van Piet Potgietersrus se 63ste ringsvergadering vind plaas op Maandag 3 Augustus 2026 by die NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk, Mokopane. (Anita Hurn, admin beampte: NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk, 19.06.2026).

## HOËVELD

**BEVESTIGING**
Ds L (Lizette) Viviers se bevestiging en intreepreek het op 19 Julie 2026 plaasgevind by die NG Kerk Birchleigh. (Susan Moolman, tesourier: NG Gemeente Birchleigh, 03.07.2026).

## OOSTELIKE

**EMERITAAT**
Ds TE (Theo) Homann van NG Gemeente Marble Hall emeriteer met ingang 1 Augustus 2026. Sy afskeidspreek is op 26 Julie 2026. Hy bly by die gemeente op kontrak as emeritusleraar tot 31 Julie 2028. (Mart Leonard, skriba: Ring van Middelburg, 20.07.2026).

**RINGSITTING**
Kennisgewing van gewone ringsitting: Ring van Ermelo, 2 Augustus 2026 te NG Moedergemeente, Ermelo. Die sitting vind by Perdekraal-landgoed plaas. Navrae: Ds Marius Smit, skriba, medeavita@gmail.com, 072 640 4012. (Ds Marius Smit, skriba: Ring van Ermelo, 13.07.2026).
Die Ring van Middelburg gee hiermee kennis dat die ring se 80ste ringsvergadering DV op Saterdag 22 Augustus 2026 te NG Gemeente Ligkruis plaasvind. (Mart Leonard, skriba: Ring van Middelburg, 20.07.2026).



## KONTAK ONS

**Teken in op *Kerkbode*:** Viona Ross
Tel 021 864 8278, E-pos: vionatydskrifte.co.za.
Besoek www.kerkbode.co.za

**Redaksie:**
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

**Redakteur:**
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

**Uitvoerende joernalis:**
Heléne Meissenheimer
E-pos:
helene@bmedia.co.za

**Proefleser:**
Lambert Jacobs

**Projekkoördineerder**
Maryke Hansen
E-pos:
maryke@bmedia.co.za

**Advertensies en vakatures:**
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos:
vakatures@tydskrifte.co.za
**Medewerker**
Mercial Adonis
madonis@bmedia.co.za

**Kleinadvertensies en amptelike nuus:**
E-pos: kerkbode@tydskrifte.co.za

## NG KERK PETRUSBURG
Vrystaat

### VAKATURE: PREDIKANT

**Sluitingsdatum: 15 September 2026.**

**Agtergrond**
Die NG Gemeente te Petrusburg is 'n dienende, biddende gemeente wat in liefde uitreik na die wêreld. Tans bestaan daar 'n vakature vir 'n leraar wat as dienaar van God se Woord sy/haar verantwoordelikhede as leier van die gemeente sal volstaan. U sal bygestaan word deur 'n kerkraad wat goeie spanwerk lewer en bereidwillig is tot diens in die gemeenskap van die gelowiges. Kortlyskandidate sal uitgenooi word tot 'n persoonlike onderhoud.

**Ons verwag van die aangewese predikant dat hy/sy die volgende sal doen:**
- Leiding neem met beplanning om kerk te wees in 'n nuwe tyd, sonder om af te wyk van die onbetwyfelbare Woord van God en dus om vernuwend kerk te wees binne ons gereformeerde leerstellinge.
- Betrokke wees in die daarstel en uitbreiding van barmhartigheids- en gemeenskapsontwilkkelingsprojekte wat ten doel het om hoop te bring in Petrusburg.
- Die implimentering van missionale prosesse sal deel wees van ons verwagtinge.
- Wesentlike en praktiese samewerking bewerkstellig met alle Christelike denominasies in Petrusburg tot Sy eer en tot eenheid in Christus.
- Dinamiese eredienste hou met getroue Woordverkondiging en toegewyde bediening van die sakramente.
- Aktief betrokke wees in alle kerklike aktiwiteite.
- Ringspligte in vennootskap met die Ring van Fauresmith uitvoer.
- Gereelde huisbesoek doen in die dorpswyke asook die plaaswyke en besondere sorg aan die dag lê met besoeke aan die inwoners van "Ons Woning", die plaaslike ouetehuis.
- Siekebesoeke doen in die hospitale in Bloemfontein en Kimberley.
- Erns maak met kinder- en jeugbediening.

**Ons bied die volgende:**
'n Vergoedingspakket volgens sinodale riglyne.
Gratis inwoning in 'n ruim pastorie.
Sterk ondersteuning deur die kerkraad en gemeente.
'n Vervoer- en voertuigtoelaag.

Vir verdere inligting kyk gerus na ons Facebookblad, NG Kerk Petrusburg

## NG KERK ZEERUST

### VOLTYDSE LERAAR

Die kerkraad van NG Gemeente Zeerust nooi, ingevolge die Kerkorde van die NG Kerk, gelegitimeerde predikante van die NG Kerk met ampsbevoegdheid om aansoek te doen vir die pos. Die vakature is vir 'n voltydse, beperkte termynpos.

**GEMEENTEPROFIEL:** Ons is 'n aktiewe en gasvrye gemeente van ongeveer 500 lidmate in Zeerust wat daarna streef om God te verheerlik, mekaar in liefde te dien en as getuies van Christus in ons gemeenskap te leef. Ons soek 'n predikant wat saam met ons hierdie roeping met oorgawe en vreugde wil uitleef.

**LERAARSPROFIEL:**
Ons is op soek na 'n persoon met 'n lewende verhouding met Jesus Christus wat hierdie geloof daagliks prakties uitleef. Die ideale kandidaat is hardwerkend, toeganklik en empaties, met die vermoë om op 'n betekenisvolle wyse met mense van alle ouderdomme te kommunikeer. Hy of sy moet sterk spanleierskap kan toon en saam met die kerkraad kan werk om die gemeente se bediening verder uit te bou.
Daarbenewens word 'n innoverende benadering tot bediening vereis, met die vermoë om kreatief en relevant oor die uitdagings en geleenthede van die 21ste eeu te dink.

**Pligte:**
Ons verlang na 'n leraar wat die gemeente met geloof, wysheid en 'n pastorale ingesteldheid sal lei en toerus. Die pligte behels Artikel 9 van die Kerkorde, asook die volgende fokusareas:
- Skrifgetroue Woordbediening;
- Pastoralesorg, huisbesoek, siekebesoek en berading;
- Bediening van sakramente;
- Toerusting van die gemeente, kleingroepe, kategese;
- Betrokkenheid by gemeenskapsuitreike en ekumeniese verhoudings;
- Administratiewe pligte in samewerking met kerkkantoor.

**VERGOEDING EN VOORDELE:**
Volgens die voorgestelde riglyne (ATP-riglyne) tot en met kerf 4 – onderhandelbaar volgens sinodale riglyne. Daar is nie 'n pastorie beskikbaar nie, maar 'n behuisingstoelaag sal by die vergoeding ingesluit word.

**AANSOEK:**
Leraars wat in die pos belangstel, word versoek om die volgende aan die kerkraad voor te lê:
- Volledige CV, met kontakbesonderhede van twee verwysings.
- 'n Kort motiveringsbrief oor jou roeping en visie vir gemeentebediening.
- Skakel na 'n opname van 'n onlangse preek, indien beskikbaar.

Stuur jou aansoek aan ngzeerust@gmail.com.
Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekgeleentheid.
Dienstermyn: Twee jaar met die opsie om te verleng.

**Sluitingsdatum: 31 Augustus 2026.**

**Diensaanvaarding:** Die datum van diensaanvaarding sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

**NAVRAE:**
Nols Volsoo (voorsitter van die kerkraad): Sel: 065 887 5442.
Zelle-Marie Martens (skiba): e-pos: ngzeerust@gmail.com; kantoornommer: 066 258 9224

*Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

*VAKANSIE-AKKOMMODASIE*

**JEFFREYSBAAI**
**SANDKASTEEL**
2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**OUDTSHOORN**
**THE GATSBY STUDIO**
Selfsorg vir twee. Sentraal geleë, volle DStv en veilige parkering.
**WhatsApp: 062 012 2694**
**E-pos:**
**thegatsbystudio@gmail.com**

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.

## FEBA RADIO SA

### DEELTYDSE VERTEENWOORDIGERS

FEBA Radio benodig deeltydse verteenwoordigers

- Moet instaat wees om aanbiedings te doen by kerke en organisasies rakende FEBA se mediabediening.
- Agtergrond as predikant/pastoor sal baie help.
- Minstens een Sondag per maand beskikbaar wees vir aanbiedings.
- Voldoende rekenaarvaardighede hê.
- Geldige bestuurslisensie en eie vervoer.
- 'n Optreefooi word betaal en alle kostes word gedek.
- Opleiding word aangebied, maar aansoeker moet reeds oor ervaring en vaardighede beskik tov bogenoemde pligte.

**Karaktervereistes en algemene vaardighede**
- 'n Toegewyde, aktiewe Christen met 'n passie vir God se koninkrykswerk.
- Uitstekende sosiale en interpersoonlike vaardighede – energieke spanspeler.
- Selfgemotiveerd en bereid wees om verder te ontwikkel.

**CV aan:** jvermeulen@febaradio.co.za

**www.febaradio.co.za**

## NG GEMEENTE HUGENOOT

### DEELTYDSE ONBEPAALDE TERMYN
### TWEE PREDIKANTSPOSTE

Die roeping van Hugenoot-gemeente "Een in Christus sodat die wêreld kan glo" rig al vir etlike jare die bediening van die gemeente. Die gemeente het 'n sterk fokus op die bediening van ouers met kinders en ook 'n seniorbediening. Die gemeente is in die noordelike voorstede van Bloemfontein geleë.

Twee deeltydse onbepaalde termyn predikantsposte word bekendgestel (Reglement 14). Beide poste behels die ampspligte soos vervat in Artikel 9, maar die een pos fokus meer, maar nie uitsluitlik nie, op die bediening aan ouers met kinders en die ander pos op die bediening aan senior lidmate.

**Vergoeding:** Volgens sinodale riglyne (ongeveer 50% van die topskaal vir elkeen van die twee poste).

Volledige posbeskrywing is by die kerkkantoor beskikbaar (finansies@nghugenoot.co.za).

**Aansoeke:** Volledige CV, minstens drie referente, 'n aanduiding vir watter pos aansoek gedoen word, vergesel van 'n beskrywing van die kandidaat se bedieningsfilosofie.

Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.

**Sluitingsdatum: 7 Augustus 2026.**

**Diensaanvaarding:** 1 September 2026 of so gou moontlik daarna.

**Navrae:** Voorsitter van die kerkraad, ouderling Francois Botha (076 123 1551).

www.kerkbode.co.za
Die tuiste van betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek.

## NG MOEDERGEMEENTE SCHWEIZER-RENEKE

### Vakature: VOLTYDSE LERAARSPOS

**Gemeenteprofiel**
Schweizer-Reneke is 'n plattelandse dorp geleë in die Noordwes-provinsie. Die NG Moedergemeente bedien 'n groot boerderygemeenskap met vier plaaswyke en sewe dorpswyke. Hier is 'n goeie laer- en hoërskool. Hier is ook 'n tehuis vir bejaardes. Ons is 'n geloofsgemeenskap wat deur God geroep is om verhoudingsgerig te leef en sodoende 'n verskil te maak in die samelewing en breër gemeenskap. Ons fokus op 'n Woordgebonde erediens met groot ruimte vir jeugbediening en lofprysing. Die visie van die gemeente is: "Ons bring die Kruisliefde in beweging."

**Leraarsprofiel:**
'n Dinamiese, leraar/proponent wat die roeping het om die Woord getrou te bedien, 'n passie het vir die omvattende gemeentebediening, van jeug tot bejaardes. Iemand wat tuis voel in 'n plattelandse omgewing waar persoonlike kontak en meelewing met die aktiwiteite van lidmate belangrik is. Deel wees van 'n bestuurspan waar lidmaatbemagtiging en -betrokkenheid belangrik is. Artikel 9 van die Kerkorde vorm die basis van die kontrak.

**Vergoedingspakket**:
Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met die sinodale skaal as riglyn. Daar is ook 'n ruim pastorie.

**Aansoeke:**
Aansoeke vergesel met 'n onlangse CV en drie referente moet gerig word aan:
srklipkerk@gmail.com
Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt in die gemeente.

**Sluitingsdatum is 17 Oktober 2025.**

**Diensaanvaarding:** 1 Januarie 2026

**Navrae:**
Jan van der Merwe by 082 944 0363 of die konsulent ds Ampie Swanevelder by 082 428 4943

*Die kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n beroep uit te bring nie.*

## NG GEMEENTE UPINGTON-NOORD

### VAKATURE VIR LERAAR
Voltydse pos

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 14 Augustus 2026.**

**Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik.
Die datum vir diensaanvaarding sal met die geskikte kandidaat onderhandel word.

**Gemeenteprofiel**
- NG Kerk Upington-Noord is 'n warm, gasvrye en hegte geloofsgemeenskap met 'n diepgewortelde liefde vir mekaar waar mense vinnig tuis voel. Ons waardeer egte verhoudings, gesinsbetrokkenheid en praktiese liefde in aksie.
- Ons gemeente is in 1957 gestig en is 'n gevestigde selfonderhoudende plattelandse gemeente, bestaande uit 19 dorpswyke en een plaaswyk met 320 belydende lidmate en 65 dooplidmate. Ons lidmate bestaan uit alle ouderdomsgroepe.
- Daar is vier ander NG gemeentes in die dorp, ons is deel van die Ring van Upington wat uit 11 gemeentes bestaan en val onder die Noord-Kaap Sinode.
- Die dorp het groot winkelsentrums, verskeie winkels, goeie skole (insluitend voorskoolse sentrums) waar kinders hoëkwaliteit onderrig ontvang. Asook mediese dokters, privaat en provinsiale hospitale en verskeie spesialiste wat die dorp besoek.

.

**Vereistes**
- Gelegitimeerde leraar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- 'n Hart vir die aktiewe bediening op die platteland met die doel om 'n verskil te maak in ons wyer gemeenskap, gemaklik is met huisbesoeke en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewenstadiums.
- Eie vervoer en geldige rybewys.
- Die persoon moet bereid wees om aan te pas by die etos/kultuur van ons gemeente.
- Goeie interpersoonlike vaardighede toon, gemaklik in spanverband kan funksioneer, en moet betrokke wees by fondsinsamelings van die gemeente.

**Pligte en verantwoordelikhede**
Ampspligte moet uitgevoer word soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.

**Vergoeding**
- 'n Mededingende vergoedingsstruktuur volgens sinodale riglyne onderhandelbaar nie hoër as skaal 5.
- Gratis huisvesting in ruim pastorie, munisipale dienste en tuinier ingesluit.
- Internettoegang.

**Aansoekproses**
Aansoeke (verkieslik elektronies) moet die volgende insluit en kan aan die skriba gerig word:
- Volledige CV, nie meer as vier bladsye nie, wat 'n motivering vir die aansoek insluit.
- Name en kontakbesonderhede van drie referente wat gekontak mag word.
- Indien beskikbaar, sluit asseblief 'n skakel na 'n onlangse preek in.

Kandidate op die kortlys moet vir onderhoude beskikbaar wees op 'n datum, tyd en plek soos deur die pre-advieskommisie bepaal sal word. Die proses mag ook 'n preekbeurt insluit.
Deur die indiening van die CV gee die kandidaat toestemming dat die inligting soos in die CV vervat, onderworpe is aan die terme en voorwaardes van die POPI-wetgewing. Alle inligting sal as vertroulik hanteer word en slegs deur NG Upington-Noord kerkraad gebruik word in die aanstellingsproses


.
Die pre-advieskommissie van NG Upington Noord behou die reg voor om self inligting aangaande die aansoeker in te win.

Rig CV aan skriba: Sonnette Lind, 062 099 1719, nguptnoord@lantic.net

**Navrae**
Tertius Louw (hoof finansies) 083 285 1492 terrylouw5@gmail.com
Arie van Wyk (hoofouderling) 073 251 6749
Konsolent: Ds Anton Scholtz 083 379 8202.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie noodwendig 'n beroep uit te bring uit die aansoeke wat ontvang is nie.*

Die volgende Kerkbode verskyn op 28 Augustus 2026




## *Predikant se eerlike trauma-memoir oor plaasmoord*

***Wond: Plaasmoord – dis my mense*** **deur Gerhard M Pietersen**
**Uitgewer: Litera, 2025**
**Resensent: Heléne Meissenheimer**

Wat sê 'n mens vir iemand wie se mense vermoor is? Hoe lyk troos wanneer magtelose woede deel is van die rouproses? Gerhard Pietersen se skoonouers is in 2016 op hulle kleinhoewe in Groot-Brakrivier vermoor. Hy is die een wat hierdie skoknuus eerste by die polisie hoor en dit daarna vir sy vrou en hulle drie kinders moet vertel. Dit is maar die eerste van baie ondenkbare take wat op hierdie predikant wag.

Sy joernaal word sy biegboek. Die enigste plek waar hy veilig genoeg voel om regtig eerlik te wees. Terwyl hy vir ander hulle steunpilaar moet wees, help skryf hom om te probeer sin maak van trauma waarvoor ses jaar se teologiese opleiding hom nie voorberei het nie.

In *Wond: Plaasmoord – dis my mense* vertel Pietersen hoe die wreedheid van die moord en die lang uitgerekte ondersoek en hofproses hulle lewe as gesin onomkeerbaar verander. Hy gebruik die beeld van die genesingsproses van 'n rou bloeiende wond as metafoor vir hulle eie proses van trauma, rou en genesing. Die boek is in ses fases van wondgenesing verdeel – 'n struktuur wat goed werk om 'n verhaal soos hierdie saam te bind.


Dit is 'n boek wat emosioneel baie van die leser vra. Genadiglik sluit dit ook ligter oomblikke in van sagte genade, selfs humor. Soos die onbekende man wat uit die bloute opdaag om Pietersen te help om die moordtonele skoon te maak, maar so vloek dat hy liewer besoekers by die plaashek ontvang sodat hulle buite hoorafstand is.

Pietersen is 'n vaardige storieverteller wat slaag om outentiek hulle storie te vertel. Hy het my aandag as leser geboei vanaf die eerste bladsy tot op die einde, 297 bladsye later.

Vir die kerk in Suid-Afrika, waar soveel mense ernstige trauma weens geweldsmisdaad moet verwerk, is *Wond* 'n baie nodige en tydige boek. Dit is meer as 'n persoonlike getuienis oor 'n plaasmoord. Dit is 'n eerlike boek wat die leser uitdaag om te dink hoe ondersteuning en troos moet lyk wanneer iemand verlies weens geweld moet verwerk.

Die boek kan vir R390 (BTW ingesluit) aanlyn bestel word by Litera Publikasies.

*Heléne Meissenheimer is 'n joernalis by Kerkbode.*




## *Meesleurende verhaal oor die reis van 'hulle' na 'ons'*

***Disrupting the divide: A story of costly love in a divided nation***
**Deur Mikal Barnes and Phumlani Ngwenya**
**Uitgewer: CLF, 2026**
**Resensent: Nadine Stoffels**

In 2026, waar ons weer begin verdeel op grond van hoe ons lyk en watter taal ons praat, bring die storie van Mikal en Phumlani hoop: hoop dat wanneer ek deur my kerk se vensters loer, dit dieselfde kan lyk as wanneer ek in die straat af kyk.

Die skrywers sê self: "It's not a clever commentary on race or reconciliation. It's a story. A real one. About what happens when the love of God explodes through two very unlikely people, disrupts the divide – and creates something the world cannot manufacture: family."

Mikal Barnes en Phumlani Ngwenya vertel 'n moeilike, grondpadstorie wat oorkom is deur liefde. Teenoor die verdeling van Apartheid, is hierdie 'n storie van "hulle" na "ons".

Ek het die meesleurende en onderhoudende boek in een middag deurgelees.

Die skrywers vertel 'n praktiese storie waar Jesus die hoofkarakter is. Soveel van hulle storie is ook my storie, as 'n wit, NG Kerk dominee wat so graag eenheid wil hê.

Ons praat egter nie meer noodwendig in gemeentes oor hierdie sake nie, omdat dit ongemaklik is en ons moontlik weer kan verdeel.


Soos Barnes en Ngwenya, wil ek net vir Jesus volg. Hulle boek met die deurdagte temas help my daarmee. Hierdie vassteekstorie laat my weer oor my eie verhaal dink en gee my hoop vir 'n NG Kerk wat dalk anders kan lyk. Die boek het my laat nadink oor kultuur en die navolging van Christus op 'n praktiese, Bybelgefundeerde manier.

As jy saam met 'n groep die boek wil lees oor vier weke vanaf 27 Julie, is jy welkom om aanlyn te registreer vir 'n leergemeenskap wat aangebied word deur die Miga 6:8 Taakspan vir Versoening en Geregtigheid van die Algemene Sinode.

Kontak gerus vir Rika by excelcus@up.ac.za om aanlyn te bespreek.

Beskikbaar by CLF.

*Ds Nadine Stoffels is 'n lid van die Algemene Sinode se Miga 6:8 Taakspan vir Versoening en Geregtigheid.*




## *Enneagram-wysheid ontgin sonder om rigied te wees*

***Van kettings tot keuses: Nege gesigte van menswees*** **deur Savnola Goldridge en Jacques Engelbrecht**
**Uitgewer: Naledi, 2026**
**Resensent: Maartje van der Westhuizen**

*Van kettings tot keuses: Nege gesigte van menswees* deur Savnola Goldridge en Jacques Engelbrecht gebruik die Enneagram as 'n lens waardeur menslike gedrag, selfkennis en persoonlike groei beter verstaan kan word. Hulle help lesers om bewus te word van die diepgewortelde patrone, vrese en motiverings wat hulle denke en optrede beïnvloed. Die skrywers se doel is nie bloot om persoonlikheidstipes te beskryf nie, maar om mense te begelei na groter vryheid, heelheid en bewustheid van hulle eie lewensreis.

Die sentrale tema van "kettings" en "keuses" vorm 'n sterk raamwerk waarbinne die leser uitgenooi word om beperkende patrone raak te sien en nuwe moontlikhede vir groei te ontdek.

'n Besonder sterk aspek van die boek is die gebruik van verhale, voorbeelde en herkenbare situasies, wat die inhoud prakties en maklik verstaanbaar maak. Goldridge en Engelbrecht slaag daarin om die Enneagram nie as 'n rigiede etiketteringstelsel aan te bied nie, maar eerder as 'n hulpmiddel wat selfontdekking en transformasie bevorder. Hulle raak op 'n eenvoudige en toeganklike wyse aan 'n wye verskeidenheid aspekte van die Enneagram, sonder om die leser met ingewikkelde terminologie te oorweldig. Hierdie werk is daarom geskik vir beginners, maar bied steeds genoeg inhoud om lesers met vorige blootstelling aan die Enneagram te boei.

'n Moontlike tekortkoming is dat die Enneagram-sketse meer aandag kon gee aan die beweging van elke tipe onder stres en die regressiepatrone wat daarmee saamhang. Hierdie aspek help mense dikwels om waarskuwingstekens in hulle eie gedrag vroeër raak te sien. Die fokus bly egter doelbewus prakties en vormend eerder as akademies of teoreties.

*Van kettings tot keuses* is 'n waardevolle Afrikaanse bydrae tot die groeiende Enneagramliteratuur. Dit bied betekenisvolle insigte oor menslike gedrag, verhoudings en geestelike groei, en moedig lesers aan om met groter selfbewustheid en vryheid te leef. Ek beveel dit sterk aan.
Beskikbaar by Naledi.

*Ds Maartjie van der Westhuizen is predikant by die NG Kerk Elarduspark en 'n Enneagram-konsultant.*